VRAE EN ANTWOORDE

HEBREËRS, DEEL II

Ek wil eers elkeen van julle bedank wat die boodskap gekry het om "vir die vrou te bid." Sy was baie, baie siek gewees. Ons het nie geweet wat dit was nie, en weet nie wat gebeur het nie, dit was net kwaai braking en sy was so-te-sê bewusteloos, en koors van omtrent honderd-en-vyf, moes haar in yskomberse toegedraai hou. So . . . maar sy is nou reg. Die koors is heeltemal weg, en sy's beter. So sy's bitter swak, het omtrent tien pond verloor, veronderstel ek. Sy het nie . . . Vanaand het sy haar eerste mondvol gesluk van Sondag af. En so sy was baie siek gewees, en ons het op die Here vertrou vir haar, en Hy het haar net deurgedra. Nou wil ons vir julle sê om aan te hou bid dat sy haar krag sal terugkry.

304 En nou, hierdie komende naweek, as die Here wil, moet ek Miami toe gaan. My ou vriend, Broer Bosworth, gaan Huis toe, en hy's nou byna 'n honderd jaar oud. En hy het my gebel, hy het gesê: "Broer Branham, kom sien my dadelik, ek wil jou iets vertel voor ek gaan." En hy . . . Wel, ek dink hy wil vir my bid, en net sy hande op my lê voor hy weggaan, julle weet.

305 En ek—ek hoop ek kan my dae eindig met 'n reputasie soos F.F. Bosworth. Van al die manne wat ek in die wêreld ken, elke man wat ek ooit in die wêreld ontmoet het, het ek nog nooit 'n man ontmoet wat ek so begerig was om soos hy te wees, as F.F. Bosworth nie; as—as 'n prediker, is wat ek bedoel. Ek het nog nooit een persoon, wêreldwyd, enige plek, ooit een stelling oor F.F. Bosworth hoor maak nie, of dit was net algeheel "'n Christen," en alles "'n ware broer."

306 "Skeidings laat voetspore in die sand van die tyd agter ons." Hy's 'n wonderlike broer, en hy's nou regtig oud, naby honderd. So hy—hy gaan net Huis toe, dis al, en hy het vir my gesê. Hy het geweet hy gaan, en het net gewag. Hy het gesê die aangenaamste tyd van sy lewe is juis nou wanneer hy net wag, maar het gesê hy het geweet dat hy gaan.

307 Ek het gesê: "Ek's veronderstel om hierdie week Michigan toe te gaan, Broer Bosworth."

308 En hy het gesê: "Wel, moet dit nie te lank maak nie, Broer Branham, ek kan nie veel langer hou nie. Ek word die heeltyd swakker."

309 So hy was te veel van 'n vriend vir my, om nie daarheen te gaan nie. Nou, as ek daarheen moet vlieg, sal ek—sal ek terugvlieg en miskien terug wees vir ten minste Sondagaand;

indien nie, wel, dan sal ek moet ry, en mag dit my 'n bietjie langer neem.

310 En bid vir Broer Bosworth. Bid net dat God . . . en wanneer Hy die ou patriarg neem, dat Hy net 'n vuurwa sal stuur en hom optel, sien. Ek is lief vir hom, hy was soos 'n pa vir my gewees.

311 'n Ander ou man . . . hy en Broer Seward. Ek—ek is soort van aangetrokke tot ou mense, ek—ek is lief vir hulle. En ou Broer Seward, hy het ook so aan die slaap geraak. Natuurlik, Broer Seward was nie heeltemal so oud, dink ek, soos Broer Bosworth nie.

312 En bid vir Broer Bosworth. Alles is nie rose om die plek nie, maar dis—dis . . . Hy het julle gebede nodig, maar nie sodanig vir niks nie, as net sy . . . dat God hom in vrede sal laat gaan.

313 Nou . . . En dan wil ons ook onthou dat môre, as die Here wil, begrawe ons een van ons vriende van hierdie kerk, Broer Sol Coates. Hy was verskeie kere hier, het vir jare in die poskantoor gewerk. En hy het daar in die Veterane Hospitaal gesterf nou die aand. Ek en Broer Cox het soontoe gegaan om hom te sien, en hy het . . . baie swak. En hy het nou heengegaan, 'n Christen. En ons moet hom begrawe uit Coot se Begrafnishuis môremiddag om eenuur, ek en Broer Neville. Die Neville-trio sal sing; en ons sal die dienste verdeel, ek en Broer Neville. Dit is, ek het nie alles presies geweet toe ons die reëlings getref het nie, en vanweë Meda. En so, dan, sy begrafnis sal môremiddag om eenuur wees, by Coot se Begrafnishuis.

314 En dan, om twee-uur, Vrydag, 'n Mnr. Wheeler. Ons het hom Pod Wheeler genoem; hy's 'n, ek vergeet regtig wat sy regte . . . En, julle weet, ek—ek het dit net in die koerant gesien en het nie geweet wie dit was nie, totdat ek uitgevind het. Hy was vir jare 'n buurman van ons gewees, en—en hy's pas oorlede. Hy was net hier voor die kerk, nou die aand, en ek het probeer om hom kerk toe te laat kom. Nou die aand, omtrent drie weke gelede, het net daar gestaan, en ek het net probeer om hom sover te kry om in die kerk in te kom. Want, ek dink nie hy het kerk toe gegaan of het enige beroep van enige soort gehad nie, tog het hy 'n seun wat 'n Baptiste prediker is. Maar hy het nie enige beroep gehad sover ek weet nie, en hy het nou heengegaan, om God te ontmoet. So dit sal Vrydagmiddag om twee-uur wees by die Coot se Begrafnishuis. En ook, Broer Neville-hulle sal sing, en daar by daardie begrafnis.

315 En so, as enigeen van julle wat die dienste graag wil bywoon, dis môre om twee, of, môre om een. Ek dink dis reg. Is dit nie, broer? En twee, die ander een. Is dit reg? Twee, by die Coot se Begrafnishuis.

316 En nou, Sondagoggend . . . Saterdag sal die uitsending wees. En Broer Neville sal julle waarskynlik laat weet, teen daardie tyd, presies wat . . . of ons 'n genesingsdiens vir Sondagaand kan

hê, of hoe laat ons terug sal wees as ek daar na—na Florida toe vlieg om Broer Bosworth te sien. Ek weet nie juis hoe ek van hom af gaan wegkom nie, hy is so 'n dierbare ou vriend. En waarskynlik ons laaste geleentheid om op hierdie aarde te ontmoet, as die Here dit toelaat. En hy. . . Ek weet nie of ek dadelik van hom af sal kan wegkom of nie; en ek wil nie van hom af wegkom nie, maar, julle weet hoe dit is, jy het ander dinge wat jy moet doen.

317 Nou daar is een stelling wat ek hier wil sê terwyl daar nie te veel is nie, en mense wat my vriende is.

318 Ek is bly om Suster Smith daar te sien. Die eerste keer dat ek haar sien in 'n lang tyd. Hoe gaan dit Suster Smith? 'n Jaar, goeiste, ek dink die laaste keer dat ek jou gesien het. . . [Suster Smith praat—Red.] By Benton Harbor, ek hoop om een of ander tyd daar uit te kom. Dis goed. Ek dink die laaste keer dat ek jou gesien het, was in 'n begrafnisdiens in Louisville gewees. En ek onthou Suster Smith baie goed. Hoe ons. . . Ek het haar altyd in 'n vragmotor kom oplaai wanneer ons kerk toe gaan. Ou koolteer het daaragter uitgehang en die buffers het op-en-af gewip, en dit was koud; en ek, een voet het buite gesit. O, goeiste. Baie water het sedertdien onder die brug deurgeloop, Suster Smith. Ja, meneer. Wel, ons dank die Here vir daardie kosbare herinneringe, en het Hom steeds lief.

319 Een ding, iemand wonder dalk, nou die aand. . . Ek het hierbuite in die straat met Broer Fleeman gepraat. En soms het iemand gesê: "Sodra die diens verby is, wat laat Broer Branham net opspring en gaan?"

320 Dis wat dit is, my vrou is alleen. Sien? En as ek aan die praat raak, sal ek die halwe nag om praat, en daar is sy, sit meestal alleen daar en wag. En dis waarom ek gou padgee, om by haar terug te kom, julle sien, in die aand; want raak ek aan die praat, praat ek te lank. Ek sal met *die* een 'n halfuur praat. Ek kan nie net verbygaan en sê: "Hoe gaan dit met *jou* vanaand? Hoe gaan dit met *jou*? Hoe gaan dit met *jou*?" nie. Ek doen dit nie. Ek stop net en raak aan die praat; en iemand raak oor iets aan die praat, en dan is ek 'n uur lank daar. Sien? En dis waarom, sy sit en wag ensovoorts. En dis waarom dit is. Ek wou net nie hê julle moes dink dit was omdat ek nie my vriende wou ontmoet en hulle handgee, en ons gemeenskap betuig ensovoorts nie, maar dit was net 'n geval van daardie aard.

321 So, nou, wees almal in gebed vir die siekes en beproefdes.

322 En Mev. Harvey het al daardie probleme, sy kom reg. Ja, meneer. En ek sien nie. . . Ek. . . Nou daar mag, sover ek weet, iemand, 'n dokter hier wees. En as ek verkeerd is van hierdie platvorm af, God vergewe my. Maar ek glo God sal daardie dokters verantwoordelik hou vir wat hulle aan die vrou gedoen het. Ek—ek glo in snykunde, ek glo in medisynes. Sekerlik, ek

glo daaraan. Ek dink God het hulle hiernatoe gestuur om ons te help, net soos wat Hy werktuigkundiges vir motors gestuur het ensovoorts. Maar daardie vroutjie, die dokter het haar daar laat lê, en gesê: "Sy is vol kanker, daar kan niks gedoen word nie." Die moedertjie van 'n klomp kinders.

323 Ek het daar na haar toe gegaan, en aan haar probeer verduidelik hoedat deur gebed. . . En—en sy's net 'n jong vrou, omtrent vyf-en-twintig. En hoedat God haar babatjie genees het, dit word nou "die wonderbaba" genoem daar by die kinderhospitaal, van breinvliesontsteking. En in so 'n verskriklike toestand wat die—die kêreltjie was, en die Here het hom net daar genees. Hulle, die dokters, kon dit nie verstaan nie. Ek het daar na Mev. Harvey toe gegaan, en ek het gesê: "Nou, Mev. Harvey, het die dokters jou opgegee?"

324 "Ja, meneer. Dis. . . "

325 En haar man het gesê: "Ja, daar's niks wat gedoen kan word nie, sy's net heeltemal vol kanker."

326 Ek het gesê: "Wel, nou wat ons wil doen, is om God te glo, dat God die. . . sal genees—jou sal genees." En ek het gesê: "Hoe dit gebeur, die kanker verdwyn miskien nie onmiddellik nie; maar as ons bid, dan verdwyn die lewe van die kanker. Jy mag dalk nog 'n hele ruk lank siek wees, en—en" ek het gesê "jy mag dalk dadelik verligting kry." En ek het gesê: "Dan mag jy na 'n paar dae dalk sieker word as ooit." Maar ek het gesê: "Jy moet jou geloof teen die kanker inspan." Ek het gesê: "As die kanker lewe, sterf jy. As die kanker sterf, lewe jy." En ek het gesê: "Nou sal ons bid."

327 En ons het gebid, en met elke bewys wat ek gesien het, het God die vrou se liggaam aangeraak. En dadelik het sy beter geword, sy het my ma gaan besoek, sy het in die buurt rond besoek afgelê, (waar sy net in soveel ellende was) het geen pyn gehad nie. En toe, na omtrent drie dae, het sy weer begin siek word.

328 En toe uitgevind dat die stad gesê het dat hulle "die doktersrekening sou betaal as die dokters dit sou opereer."

329 En nou as ek verkeerd is, God vergewe my. Maar hulle het daardie jong moeder geneem, 'n "proefkonyn" van haar gemaak. Hulle het haar daarheen geneem, en het selfs haar derms uit haar maag gehaal, en alles. Het van beide die urine en die ontlasting geneem, en hulle by die sye uitgesteek. En was meer as nege ure op die operasietafel. Die verpleegster het gesê: "Dit het soos 'n slagpale gelyk, waar hulle haar ingewande van plek-tot-plek geskuif het, en plastiese eierstokke en plastiese buise gesit het." Dis reguit, maar dis waar. En plastiese derms en sulke goed, en het die vrou in daardie toestand laat lê, 'n moedertjie. Ek sê, soos ek daaroor dink, is daardie dokters skuldig aan moord.

330 Sy het hulle vertel, sy het gesê: "Broer Branham het vir my gebid." En het gesê: "Ons gaan glo dat ons kanker. . . dat die kanker dood is."

331 Het gesê: "Ek het nuus vir jou: 'Jou kanker lewe.'"

332 Hoe kon hy dit sê? Dit was aan die binnekant, geen X-strale kan dit wys nie. Kanker is 'n. . . Jy kan nie kanker deur X-strale aanwys nie, dis self vlees, jy kan dit nie sien nie. Daar was net een ding om te doen, het in die vrou ingekerf en haar aan stukke gesny. Dis al. Nou as dit 'n moedertjie was, sou ek haar net haar geloof teen God laat toets het, in plaas van om so 'n "proefkonyn" van iemand soos daardie te maak. Nou as ek—as ek verkeerd is, as ek—as ek die verkeerde motief het, wil ek hê God moet my vergewe, julle sien. Want ek wil nie hê julle moet dink dat ek nie in operasies glo, of nie in dokters en dinge glo nie. Dis in die haak. Maar ek dink jy behoort te weet wat jy doen voor jy in 'n persoon ingrawe, hulle nie so bloot vir 'n eksperiment te gebruik nie. Dis reg. En nou, natuurlik, kan sy nie lewe nie. Dis al. As sy lewe, sal dit beslis een van die grootste wonderwerke wees wat ooit gebeur het. Toe die vrou daar gekyk het en gesien het dat haar derms daar aan die een kant, en haar niere aan die ander kant moes werk, het sy *so* flou geraak, flou. . . Wel, dit was nie 'n ding. . . die arme ou dingetjie was weg. En net omtrent 'n twee-en-twintig of vyf-en-twintigjarige ou moedertjie met drie of vier kindertjies om groot te maak. Jammerlikste ding wat ek ooit in my lewe gehoor het. Ek het gesê: "Soos ek daaroor dink, is die dokter skuldig aan. . . " As hy daardie vrou net vir 'n eksperiment geneem het, omdat die stad daarvoor sou betaal, dan is dit verkeerd, behoort nie toegelaat te word nie.

333 ['n Man vra of God die vrou kan laat herstel—Red.] Wel, ek sê vir jou, broer, dit dis nie onmoontlik nie. En dis—dis nie. . . Dis—dis moontlik, en ook waarskynlik. Want ek ken 'n man wat 'n arm af gehad het, in Kalifornië (julle almal hou self tred daarmee in die koerant), is voor gebid, en *dié* arm was *hierbo* af, het sowaar afgegroei totdat die vingers nou daarop aan die uitkom is; deur die elmboog, deur die pols, deur die hand, en dele van die kneukels was terug op die vingers, julle sien. Dis in die, ek dink, die *Herald of Faith* elke maand. Selfs wanneer hy sy hande *so* uit het; het dit gewys daar waar sy arm af was, waar dit uitgegroei het. Elke maand hoe dit aangekom het, vir omtrent 'n jaar.

334 [Die man praat weer uit die gemeente—Red.] Sekerlik, dis reg. Ek glo. . . Dit—dit—dis 'n seldsame ding, sien, dis 'n baie seldsame ding. Af en toe het ek daarvan gehoor. Nou, by Broer Bosworth, hy het een aand vir 'n vrou gebid. En ek het een in my diens gehad. Maar Broer Bosworth s'n was onmiddellik; myne het 'n hele rukkie geneem daarvoor om dit te doen.

335 Hy het vir 'n vrou gebid. . . Nou, ek het die vrou se getuienis gelees. Het kanker gehad, met geen neus nie; het haar neus

weggevreet. En die volgende oggend het die vrou 'n neus gehad. Nou, ek weet hierdie . . . Nou, dis Broer Bosworth s'n, in sy boek genaamd die *Christus die Geneser*, dink ek, of *Die Vreugdebringer*, een. Nou, dis in die getuienis van die vrou, met haar naam en adres. En sy het bure en dokters en alles om dit te bewys, dat dit gebeur het.

336 Nou, by Little Rock, Arkansas, een aand in 'n vertrek, het ek daar gebid . . . nie Little Rock nie, maar Jonesboro. Waar ek gebid het . . . Ek het gesê: "Ek gaan bly tot ek vir die laaste persoon gebid het." Ek was agt dae en nagte in die platvorm gewees, sien. En toe . . . en deur die vertrek het daar 'n vrou nadergekom, het haar sakdoek *so* opgehou, en ek het gedink sy huil. En ek het gesê . . . O, ek skat dit was twee- of drie-uur in die oggend, ek het gesê: "Moenie huil nie, suster, God is die Geneesheer."

337 Sy het gesê: "Ek huil nie, Broer Branham." Sy het dit verskuif; sy het geen neus gehad nie, sien. Die dokters het gesê . . . Die kanker het al in haar ingevreet tot op die wit been . . . hulle het gewys. En ek het vir haar gebid, en die Here gevra om haar te genees.

338 En omtrent vier of vyf weke daarna, was ek in Texarkana. En daar het 'n welgeklede man daar gesit, hy het gesê: "Kan ek net 'n woord sê, Broer Branham?"

339 Net toe hy by die platvorm aankom, het een van die plekaanwysers probeer om hom te laat stilbly. Ek het gesê: "Wel, laat ons sien."

340 Hy het gesê: "Herken jy hierdie jong dame?"

341 Ek het gesê: "Nee, ek kan nie."

342 Sy het gesê: "As jy na hierdie foto kyk, sal jy dit herken." En hy was 'n plaagbestryder by—by Texarkana, en dit was sy moeder met 'n splinternuwe neus wat aangegroei het, net gevorm net soos die ander.

343 Nou dit wys net dat God . . . Ek het dit gedoen sien word. Nou, God kan dit vir die klein Mev. Harvey doen. En ek bid dat Hy sal, want die arme dingetjie wil lewe.

344 Broer Tony, het jy iets gehad? [Broer Tony vertel van 'n genesing—Red.] Dis reg. Amen. Amen. Ja, dis ook goed. Ja, Hy sal dit beslis doen, Hy's 'n Geneesheer.

345 [Nog 'n man lewer kommentaar—Red.] Ja. Ja. Ja, broer. Amen. Sekerlik. Ja. Ek sou verseker . . . En ek sal hoop dat God dit vir jou terugbesorg, seun, jy kan dit reguit terugneem en vir hom wys. Dis net presies. Dis vir 'n getuienis tot die glorie van God, bid dat God dit sal doen. O, Hy—Hy . . . As Hy die Almagtige God is, kan Hy alle dinge doen. As Hy dit nie kan doen, alle dinge nie, is Hy nie die Almagtige God nie.

346 Daar's iets wat ons gemaak het wat ons is, op die wyse wat ons is, of ons sou 'n—'n kop soos 'n voël gehad het, of so-iets; as

daar nie 'n Meesterbrein agter ons gesit het om elkeen van ons met 'n kenmerk te maak, om 'n akkerboom, 'n populierboom, 'n palmboom te maak en—en tussen hulle te onderskei wat—wat hulle is nie. Maak ons nie met . . . party met pels, en party met vere, en party met velle nie, sodat jy . . . Sien, dis—dis 'n Meesterbrein daaragter, wat—wat dit beheer het. Natuurlik hou Hy alle dinge in Sy hande. En ek weet Hy kan alle dinge doen. En ons sal daarvoor bid, ons sal bid.

347 [Nog 'n man praat uit die gemeente uit—Red.] Korrek. Ons het . . .

348 [Suster Snyder sê: "Broer Billy, verskoon my."—Red.] Ja, mevrou, dis in die haak, gaan voort. [Suster Snyder rapporteer "genees" toe Broer Branham nou die ander Sondag vir haar gebid het.] Amen. Julle weet, ek het probeer dink, Suster Snyder, eenkeer toe ek hier gestaan het in daardie salwing, het ek gedink . . . Ek het vir Broer Cox vertel, ek het gesê: "Ek gaan nie eens meer van daardie onderskeidingsdienste daar by die tabernakel probeer hou nie." O, jy weet nie hoe daardie duiwel my kasty nie, suster. Hoe—hoe doen hy dit nie! Jy weet, vertel my van hierdie onderskeiding.

349 En hier, het toevallig uitgevind dat Mev. Wood se suster hier . . . Ek het nog nooit enige van hulle mense gesien nie. 'n Klomp van hulle is gedurende daardie tyd genees, en almal . . . Wel, julle weet, dis 'n groot persentasie van daardie mense wat genees is. En na die . . . Die eienaardige ding nou; haar suster, ek het een aand aandete by haar geëet, omtrent twee weke tevore, . . . O, dis daar ver in die berge in Kentucky, en ek—ek weet net sy het 'n stem soos Mev. Wood gehad, en dit was nie danig lig in die vertrek nie. En ek het in elk geval nooit enige aandag aan haar gegee nie, ek het, meer met haar man gepraat, sy het aandete gemaak. En ons het uitgegaan en gaan sit en eet; en weer ingekom, ek het met haar man gepraat, opgestaan en daarvandaan voortgegaan. En God Wat my plegtige Getuie is, weet (by hierdie preekstoel gestaan) ek het daardie vrou nooit herken nie.

350 En toe, na die genesingsdiens verby was, het ek die altaar-oproep gemaak vir sondaars om hulle te bekeer. En sy was baie arrogant Daarteen gewees; en sy het haar bekeer en haar lewe vir Christus gegee, het haar hand opgesteek dat sy haar lewe aan Christus sou oorgee, en het gehuil. Nadat al die salwing weggegaan het; my altaar-oproep gemaak is, ensovoorts. En toe het dit gebeur dat ek omdraai, en hier was 'n visioen, en ek het haar broer gesien; wat 'n suster was, hierdie was sy suster, en hulle bymekaar.

351 En ek het gedink dit was Charlie se vrou, want ek het geweet nou die dag toe ek aan tafel gesit het, daaronder by—by Charlie se huis . . . Sy vroutjie, klein ou dingetjie, die Here het vir my 'n

probleem gewys wat sy gehad het. En van daardie einste uur af, het die Here haar liggaam aangeraak, waar sy nou daar aan haar tafel gesit het. Tony, waar ons was, daaronder, eekhorings gaan jag het. En die Here het haar liggaam aangeraak en het hierdie ding wat sy haar hele . . . die res van haar lewe moes dra, van haar weggeneem; het net daar gesit. En die vroutjie eet altyd daar ver aan die ander end van die tafel, maar vandag, kom sy reg rondom, en skuif haar stoel in, en eet hier langs my. Sy het nooit geweet wat sy doen nie. Haar man wat *so* sit, en Broer Banks sit daar, en ons gesels. En sy het omgeskuif, en haar stoel gevat, en dit hier langs my gesit. En dit was met 'n doel, die Here het net daar 'n visioen gewys. En ek het haar man buitentoe geroep, want dit was 'n vroue probleem, ek het hom begin vertel wat gebeur het. Hy het gesê: "Broer Branham, dis presies hoe dit gebeur het, presies net so." En daar het hy haar vertel, en die Here het haar genees. Goed.

352 En toe, nadat die diens verby was nou die aand, en hierdie ander suster, ek het hierdie jong Charles en hierdie vrou saam gesien. Ek het gedink: "Dit moet sy vrou wees; maar sy vrou is 'n blondine, en dié is 'n swart-kop vrou." En ek het toevallig opgelet die visioen het hier in 'n hoek inbeweeg. En sy het haar oë daar sit en afvee en die Here het 'n visioen gewys nadat sy . . . die altaar-oproep . . . nadat die gebedsbyeenkoms verby was, die genesing van die siekes, en die altaar-oproep gemaak was, en God het gewag totdat sy haar bekeer het en haar lewe aan Hom gegee het en het toe omgedraai en haar genees. En sy het . . . haar probleme het haar opgeswel gehad vir jare. En sy het soveel afgeval, en alles, dat selfs haar voete verrimpeld is waar alles uit haar is (die gifstowwe) uit haar liggaam uit is. Voel beter as wat sy ooit in jare gevoel het, sien. En hoe doen die Here dit nie deur Sy verstommende genade nie! Ek dink dit is omtrent die storie; is dit nie, Suster Wood? En hoe doen Hy dit nie! Nadat . . . Wat sê jy? [Suster Wood sê: "Sy het verlede week sewe pond verloor."—Red.] Sewe pond in 'n week. O, Hy's God! Is Hy nie?

353 Nou, ek sal vir julle sê, waarom ek vir Broer Neville gesê het . . . Ek het gedink hy het dalk 'n boodskap vir vanaand. Hy het gesê: "Nee," hy het nie. En ek het 'n paar vrae hier wat oorgebly het, ek het moreel verplig gevoel om hiernatoe te kom en hierdie vrae te beantwoord. Dan het ek nog twee of drie waarby ek waarskynlik nie vanaand sal uitkom nie.

354 Ek wil julle 'n paar van 'n prediker wys wat pas ingehandig is. Broer Neville het, of, Beeler het hulle pas na my toe gebring. [Broer Branham beantwoord die volgende agt vrae in Deel III, vanaf paragraaf 668, as vrae nommers 67 tot 74—Red.]

Wat stel die stene voor in Openbaring 21:19 en 20?

Verduidelik die vier lewende wesens van Openbaring 5 . . . Hy bedoel 6; dis nie Openbaring 5 nie, dis 6, dink ek.

En wie is die vier-en-twintig ouderlinge?

Wat het die rooi draad van Génesis 38 beteken?

Wat is die gawes wat gestuur sal word wat die dood van getuies betref, Openbaring 11?

Waar sal die heiliges wees na die duisend jarige ryk? En watter soort liggaam sal hulle hê?

Hoe moet ons engele oordeel?

Watter hare is gepas vir die engele van Een Korinthiërs?

355 Praat van 'n paar goeies, dis 'n paar goeies. Ek sal waarskynlik nie vanaand by hulle uitkom nie, maar as die Here wil, sal ek probeer om by hulle uit te kom die volgende keer wat ons daarvoor inkom.

356 Ek het 'n paar baie goeies hier vanaand; so ons sal nou maar net bid en die Here vra om ons te help, en ons gaan direk met hulle aan vir die volgende, o, vyf-en-dertig, veertig minute.

357 Nou, geseënde Hemelse Vader, ons is dankbaar teenoor U vir alles wat U vir ons gedoen het. En, o, dis so verstommend hoedat U genade na ons toe neerreik. Ek dink nou aan, nou die aand, en daardie klein metgesel van my, o, so siek, en U het op die toneel gekom. Haar koors het begin breek van daardie einste uur af, en is nou totaal verby. Ek dank U. En die . . . bid net dat U met ieder en elk sal wees wat vanaand 'n versoek gerig het. En weinig weet ons, totdat dit na ons eie huis kom, wat dit beteken, 'n klein gebedjie. O God, wat . . . hoe—hoe werklik U word. In daardie uur wanneer 'n dokter sal wegstap, en sê: "Ek weet nie, ek het nog nooit iets so sien maak nie," en dan kom die Here Jesus na vore op die toneel.

358 O God, U is so werklik vir ons, en ons is so gelukkig daaroor. Ons bid dat U ons sal vergewe vir al ons traagheid, en ons domheid. En, o, dink net aan ons, Here, dat ons menslike vlees is in 'n donker wêreld, 'n wêreld van duisternis en sonde en chaos. En ons kyk deur 'n sluier, as't ware, oor ons gesig, en ons sien en weet net menslik soos ons hier doen. Maar eendag wanneer daardie sluier gelig word, sal ons U van aangesig tot aangesig sien en ken soos ons geken word. Dit is die dag waarna ons verlang.

359 Ons bid, Vader, nou, dat U ons sal help waar ons probeer om aan die mense die Woord van God oor te dra, volgens hulle versoeke. Neem alle siekte van ons af weg. Ons het U nodig, Here. En ons bid dat U dit sal skenk. Laat U goedheid aan ons gegee word, want ons vra dit in Jesus' Naam. Amen.

360 Nou, as dit kom by vra beantwoord, is ek nie die beste in die land nie, julle weet. Maar ek sal net na die beste van my wete antwoord.

361 Hier is die een waarmee ek nou die aand begin het, en ek moes stop:

60. "Deur een Gees word ons almal gedoop in die liggaam van Christus." (Julle almal onthou dat dit die vraag was waarby ek was. Nou dit word gevind, natuurlik, in Een Korinthiërs 12)...**Teen die tyd wat ons...die nuwe geboorte ontvang, vind dit plaas. Dis hierdie...Is dit die Doop van die Heilige Gees, of is daar 'n latere doop, of is dit 'n vulling?**

362 Nou, daar is nogal 'n vraag, en ons sou die res van ons tyd net op daardie een kon bestee, en vanaand en môre-aand ensovoorts. Dit sal dek...dit sal—dit sal die hele Bybel neem en aaneenskakel. Elke Skrif moet behoorlik aansluit by elke ander Skrif in die Bybel.

363 Maar om dit net maar kortliks te probeer maak, so duidelik soos wat ek weet hoe om dit te maak, nee; wanneer jy aan die Here Jesus Christus glo, dan het jy die nuwe geboorte. Wanneer jy aan die Here glo, ontvang jy 'n nuwe gedagte, 'n nuwe lewe, maar dit is nie die Doop van die Heilige Gees nie. Sien? Jy het die nuwe geboorte wanneer jy glo, jy het die Ewige Lewe. Dis 'n gawe van God wat vir jou gegee word deur soewereine genade deur die gawe te aanvaar wat God vir jou gee. "Hy—hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat my gestuur het, het die Ewige Lewe." Het ewigdurende lewe; dis die nuwe geboorte, jy het jou bekeer, dit beteken jy het "omgedraai."

364 Maar die Doop van die Heilige Gees plaas jou in die liggaam van Christus, onderworpe aan die gawes vir diens. Dit maak jou nie enigsins meer van 'n Christen nie, dit plaas jou net in die liggaam van gawes. Sien? "Nou, deur een Gees" (Een Korinthiërs 12) "word ons almal tot een liggaam gedoop. Nou," sê Paulus: "daar is verskillende gawes, en in hierdie liggaam is daar nege geestelike gawes." En in hierdie liggaam...Jy moet in die liggaam gedoop wees om een van hierdie gawes te besit. Hulle gaan saam met die liggaam.

365 Maar, nou, in soverre die Ewige Lewe te hê en 'n Christen te wees, jy is 'n Christen die oomblik wat jy glo. Nou, dis nie skyngeloof nie, dis waarlik glo aan die Here Jesus en Hom aanneem as jou persoonlike Verlosser; jy word net daar wedergebore, en het Ewige Lewe. God kom in jou in.

366 Kyk nou, Ewige Lewe; Jesus het gesê: "Hy wat My Woorde hoor en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe, en sal nie in die oordeel kom nie, maar het oorgegaan uit die dood in die Lewe." Jy's net daar 'n nuwe skepsel. Dan het Paulus sommige van daardie mense ontmoet, daar in Handelinge 19. Hulle het daar vir hulle 'n prediker gehad wat 'n bekeerde prokureur was met die naam van Apollos. En Apollos was 'n magtige man in die Skrifte, en hy het deur die Skrifte bewys dat Jesus die Christus was. Sien?

367 Nou let op. Apollos, deur die Woord, het deur die Woord bewys. "Geloof kom deur die gehoor, die gehoor van die Woord. Hy wat My Woord hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het ewigdurende lewe." Het julle dit? Apollos het, deur die Woord, bewys. En hulle was Christene, hulle was volgelinge, dissipels. En Apollos het deur die Woord bewys, dat Jesus die Christus was. En hulle was grootliks verheug en het die Woord ontvang, maar tog net die doop van Johannes geken.

368 En toe Paulus deur die boonste landstreke van Efése gereis het, het hy hierdie dissipels gekry en hy het gesê: "Het julle die Heilige Gees ontvang *sedert* julle geglo het?" Sien?

369 Nou, wanneer jy glo, het Jesus gesê: "Het jy die Ewige Lewe." Dis die nuwe geboorte. Dis jou bekering, verandering. Maar die Doop van die Heilige Gees is die krag van God waartoe jy gedoop word en is onderworpe aan hierdie nege geestelike gawes wat deur jou sal werk; soos prediking, evangeliste, apostels, pastore, profete, . . . en al die gawes van die liggaam kom hier in, wanneer jy in hierdie liggaam ingedoop word. En dis . . . maak jou nie enigsins meer van 'n Christen nie, dit plaas jou net posisioneel in 'n plek om 'n bedienende gees in die Kerk van die lewende God te wees. Het julle dit nou? Sien?

370 Nou die vraag is . . . Kom ons beantwoord dit net een vir een, daar's drie vrae.

"**Deur een Gees word ons almal gedoop in die Liggaam van Christus.**"

Dis korrek, Een Korinthiërs 12 sal die antwoord daarop gee. Goed.

Op daardie tyd wat ons die nuwe geboorte ontvang, vind dit plaas? Is dit wanneer?

371 Dis wat hulle wil weet, ja . . . "Deur een Gees . . . " Nee. Nee. "Deur een Gees word ons gedoop tot een liggaam." Sien, dit is nie wanneer die nuwe geboorte begin nie, die nuwe geboorte begin wanneer jy in die Here Jesus *glo*.

372 Nou sien, daar's nie 'n . . . daar's nie een ding . . . Nou luister. Wat kan jy doen behalwe glo? Wat kan jy nog doen? Wat kan jy nog meer daaromtrent doen as om dit net te glo? Sê vir my een ding wat jy sou kon doen. Daar's nie een ding wat jy kan doen buiten Dit te glo nie. Nou, as enigiets kom buiten jou geloof, is dit nie 'n daad van jou eie nie, dis 'n daad van God. Daarom . . .

373 Nou as ons dit sou sê as julle . . . 'n Klomp kere het ek al gesien, baiekeer, mense aanvaar "aanvanklike getuienis van praat in tale" as die Heilige Gees. En soms die mense skud, of hulle slaan en op hulle klop, sê: "Sê dit. Sê dit. Sê dit. Sê dit." Julle weet, herhaal 'n woord oor en oor: "Sê dit. Sê dit. Sê dit." Sien, dis iets wat jy self doen. En—en—en dit maak nie . . . dit maak nie . . . dit—dis niks. Jy mag 'n verwarring van tale kry. Jy

mag 'n—'n klomp dinge, en sensasies kry. Maar as daar enigiets buiten jou eie persoonlike geloof kom, moet dit 'n Goddelike gawe van God wees, wat aan jou gegee is. Sien?

374 "En deur een Gees word ons almal gedoop tot een liggaam." Dis korrek, sien. Die Doop van die Heilige Gees is 'n ander daad as die nuwe geboorte. Een is 'n geboorte, een is 'n doop. Een bring jou die Ewige Lewe, die ander een gee jou krag. Dit gee krag tot in die Ewige Lewe, sien, om op te tree. Het julle dit nou? Reg. Goed.

375 Nou hier is 'n ander, tweede gekom, die beste wat ek hulle gekry het daardie aand:

61. Waar was Jesus se Gees vir die drie dae wat Sy liggaam in die graf was? Waar was Sy Gees?

376 Nou, Sy gees, as julle die Skrifte sal volg,. . . wel, ons sou sommer baie plekke kon bring. Maar, ek wonder, wie het 'n Bybel? Broer Stricker, het jy 'n Bybel? Goed. Broer Neville, het jy een? Kry vir my Psalm 16:10. En wie nog? Suster Wood, het jy 'n Bybel daar? Wel, Broer Stricker, (goed, een van die twee), kry jy vir my Handelinge 2:27, Handelinge 2:27.

377 En nou, die eerste plek, toe Jesus gesterf het. . . Wanneer jy sterf, sterf jou liggaam. Die woord *dood* beteken om te "skei," net om van jou geliefdes geskei te wees. Maar hier het Hy dit gesê, in Johannes, die 11de hoofstuk: "Hy wat hoor. . . " Nie. . . ek vra verskoning; dis in Johannes 5:24: "Hy wat My Woorde hoor, het die Ewige Lewe."

378 Jesus het vir Martha gesê, wat Hom kom ontmoet het,. . . Sy het gesê: "As U hier was, sou my broer nie gesterf het nie. Maar selfs nou, wat U God ook al vra, God sal dit vir U gee."

379 Hy het gesê: "Ek is die Opstanding en die Lewe." Sien? "Hy wat in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe; en wie ook lewe en in My glo, sal nooit sterf nie."

380 Nou—nou, daar's 'n deel van ons wat nie sterf nie. En soos ek pas deur die ry Skrifte gekom het, het alles wat 'n begin het, 'n einde. Dis die dinge wat nie 'n begin het nie, wat geen einde het nie. Daarom wanneer ons Christus, God, aanvaar, word ons seuns en dogters van God, en ons Lewe is net so eindeloos as wat God se Lewe eindeloos is; ons het Ewige.

381 Nou, die woord *vir altyd*, ons is al daardeur. Die woord *vir altyd* is "'n tydsbestek," vir altyd *en* (voegwoord) vir altyd. En ons het hier gevind dat dit—dit 'n einde het, net soos al die lyding, en al die siekte, en al die smart, en al die straf, en die hel self het 'n einde.

382 Maar Ewige Lewe het geen einde nie, want Dit het geen begin gehad nie. Dit kan nooit sterf nie, want Dit is nooit gebore nie. Dit het geen begin van dae gehad nie, Dit het geen einde van tyd nie. Nou, die enigste manier waarop ons Ewiglik kan lewe,

is deur iets wat Ewig is, te ontvang. En God was; voordat daar enigiets was, was dit God. God het nooit 'n begin of 'n einde gehad nie.

383 En God was hierdie groot Gees. Ons het Hom voorgestel soos die—die sewe kleure van die reënboog wat oordek . . . Die boog sou werklik die aarde oordek as dit nie die aarde getref het nie. Dis net water in 'n sirkel van die kromming van die aarde, wat dit maak. Maar, nou, omdat God Ewig is, en Hy die Volmaakte was: volmaakte liefde, volmaakte vrede, volmaakte vreugde, volmaakte tevredenheid. Al daardie sewe geeste (soos wat ons in Openbaring kry), hulle het uitgekom; het God uitgemaak, was volmaaktheid. Enigiets anders buiten dit was iets wat Daaruit verdraaid is.

384 Nou die enigste manier waarop ons na volmaaktheid kan terugkeer, is om terug te keer Daarmee (volmaaktheid, wat God is). Dan kom ons tot volmaaktheid, dan het ons Ewige Lewe; sonder einde, of sonder—sonder enigiets, dis net vir altyd Ewige Lewe.

385 Nou praat hy van die siel . . . die gees. Want ons dra ons liggame oor die graf van die heiligste van ons, vir hierdie liggaam. En die liggaam . . . In die eerste plek, toe God, die Logos wat van God uitgegaan het . . .

386 Of, soos ek daardeur gegaan het, die Katoliek noem Dit: "die Ewige seunskap van God." Wat, soos ek al vantevore gesê het, die woord maak nie eens sin nie. Sien, daar kan nie 'n Ewige seun wees nie, omdat 'n seun 'n begin moes gehad het. En so het Jesus 'n begin gehad, God het geen begin gehad nie. Sien? Maar die Seun was die . . . nie Ewige seunskap nie, maar die Seun wat by die Vader was in die begin, was die Logos wat van God uitgegaan het.

387 En dit was die teofanie van God wat uitgegaan het. Die menslike vorm wat nie oë gehad het soos jy sien nie; 'n beter oog. Dit het nie ore gehad soos jy hoor nie, maar 'n ver beter gehoor. Sien, Dit was 'n teofanie, wat, hierdie hele reënboog neergedaal het in 'n—'n teofanie. Moses het Dit gesien toe Dit so deur die rots gegaan het. Hy het die rugkant gesien, gesê: "Dit het gelyk soos 'n man."

388 Abraham het Hom gesien toe Hy afgekom het in menslike vlees en 'n kalf geëet, 'n bietjie melk gedrink, die botter geëet het. Abraham het Hom gesien soos Hy net ingestap, en toe direk daarvandaan verdwyn het. Ons het uitgevind dat ons liggame gemaak is uit sestien elemente van die aarde, hulle kom net bymekaar. En God het hulle saamgevoeg, en het twee Engele in hierdie liggame geplaas; Engele wat gestaan en praat het. En Engele was mens op een . . . en op daardie tyd.

389 Nou let op, ons vind uit dat, Wie was Melgisédek anders as God Self! Dit kon nie enigiemand anders gewees het nie, want

Hy was die Koning van Salem, wat Jerusalem is. Hy het geen vader of moeder gehad nie; kon nie Jesus gewees het nie, want Hy het vader en moeder gehad. Hy het geen begin van dae, geen einde van lewe gehad nie; daar's net Een wat dit het, dis God. Dit was God wat hier gewoon het in 'n teofanie. Sien? Let op, Koning van Salem.

390 Nou God het deur die eeu geleef, deur Sy mense. Dit was God wat in Dawid was, wat hom laat sit het op die berg, en as 'n verworpe koning, en laat ween het. Daardie selfde Gees is gemanifesteer in Jesus die Seun van Dawid, Wat verwerp is in Jerusalem en geween het.

391 Josef, verkoop vir dertig sikkels silwer, gehaat deur sy broers, geliefd deur sy vader, het gesit aan die regterhand van Farao, en geen mens kon ooit inkom behalwe . . . deur Josef gekom het, en die basuin het weerklink en elke knie het voor Josef gebuig: volmaakte tipe van Christus. Dit was die Gees van Christus wat deur daardie mense gelewe het. Sien?

392 Nou, nou hier toe Jesus gesterf het, was dit God gemanifesteer in die vlees. God het mens geword. In die wette van lossing, was die enigste manier waarop 'n mens die verlore besitting van Israel kon loskoop, dat hy 'n bloedverwant moes wees. Hy moes 'n naby bloedverwant wees. Die Boek van Rut verduidelik dit pragtig; en hy moes 'n bloedverwant wees. So God moes bloedverwant aan die mens word, ten einde dat die mens bloedverwant van God kon word. Sien?

393 Hy het 'n gees in hom, 'n mens het wanneer hy gebore word, want dis 'n gees van die natuur. Dis 'n gees van die wêreld, dis 'n gees van die—die god van hierdie wêreld. Hy is bloot 'n afstammeling van Adam.

394 'n Boom plant homself voort. Plantegroei plant hulleself voort. Diere plant hulleself voort. Mense plant hulleself voort. Hulle is die newe-produk van die oorspronklike skepping. Het julle dit?

395 Nou, nou wanneer 'n mens gebore word, word hy gebore met 'n gees van hierdie wêreld in hom. Dis waarom hy wedergebore moet word. Want hierdie gees kom van die bevrugting deur vader en moeder, wat die seksuele bevrugting was, en absoluut nie vir ewig kon lewe nie. So hy moet wedergebore word. En voor hy dit kon doen, moes God neerdaal en 'n weg maak vir hom om wedergebore te word; want hy het geen manier gehad om homself te verlos nie, hy was sonder hoop. Hy het nie . . . sonder hoop, sonder God, sonder Christus, in die wêreld, verlore en weg. Hy—hy . . . daar's niks wat hy kon doen om homself te red nie. Hy . . . elke . . . Maak nie saak of hy 'n hoëpriester was, of hy 'n biskop was, of hy 'n pous was, wat hy ook al was nie, hy's net so skuldig soos die volgende mens.

396 So, dit het Een geverg wat nie skuldig was nie, om dit te doen. En die enigste Een wat nie skuldig was nie, was God Self. En God moes neerdaal en 'n mens word (en Hy het gekom in die gestalte van Christus) om die angel van die dood vas te maak, om die angel uit die dood weg te neem, om ons te verlos, dat ons . . . nie deur ons werke of deur ons goedheid nie (ons het geen), maar deur Sy genade, gered sou word. Dan ontvang ons van Sy Lewe in hierdie sterflike liggaam, en nou is ons seuns en dogters van God, en het die Ewige Lewe binne-in ons. Ons is seuns en dogters van God. Daarom, Jesus, wat lewe . . .

397 En geen mens, maak nie saak hoe boos of hoe goed nie, wanneer hy moet . . . wanneer hy hierdie aarde verlaat, is hy nie dood nie. Hy's êrens anders. Maar hy het 'n lewe wat tot niet sal gaan, nadat hy in die hel gestraf is vir sy dade, hy . . . maar tog moet daardie lewe ophou. Daar's net een soort Ewige lewe.

398 Nou, ons is al daardeur. As 'n mens 'n sondaar kan wees en vir altyd gestraf kan word . . . Hy kan nie vir altyd gestraf word tensy hy die Ewige Lewe het nie. As hy die Ewige Lewe het, is hy gered. Sien? So daar's net een soort Ewige Lewe, en dis die *Zoe*: "die Lewe van God." En hy kan nie tot niet gaan nie.

399 Maar die bose is in 'n plek van—van afwagting (in pyniging) op hulle oordeel (om geoordeel te word volgens die dade wat in die liggaam gedoen is) op die laaste dag. Nou, maar ons . . . Sommige mense se sondes gaan hulle vooruit, sommige volg hulle na.

400 Nou as ons ons sondes bely, is Hy regverdig om ons te vergewe, daarom sal ons nooit voor die oordeel van God hoef te staan nie. Begryp julle dit? Kyk, Romeine 8:1: "Daar is daarom nou geen veroordeling vir hulle wat in Christus Jesus is nie." Wat IN Christus is. Wat oorgegaan het uit die dood in die Lewe; sien, ons het geen veroordeling nie en was in Christus Jesus. "Wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees." Sien? "Hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het die Ewige Lewe."

401 En as ek in Christus aanvaar is, en Christus my oordeel geneem het, en ek Sy versoening vir my sondes aanvaar het, hoe kan God my dan oordeel? Hy het my al klaar geoordeel, toe Hy Christus geoordeel het. Dan is ek vry van oordeel. "Dan wanneer Ek die Bloed sien, sal Ek julle verbygaan." Sien?

402 Maar, nou, die bose is nie so nie. Hy gaan in 'n plek van pyniging in. En ons weet dat dit waar is. Die bose lewe. Hy's in 'n plek van pyniging. Hy's in 'n plek waar hy nie weet . . . Dis hoe hierdie spiritualiste en mediums hierdie geeste oproep van die mense wat al heengegaan het, 'n soort van 'n joligheid en vuil grappe en dinge wat hulle kwytraak, as julle al ooit iets daarvan gesien het. Goed. Waarom? Hulle het nie . . .

403 Kyk na hierdie Juffrou Piper, voor my artikel *Die Wonderwerk van Donny Morton* uit is. Hoeveel het daardie artikel gelees? Ja, baie van julle het, sekerlik. En dis in *Reader's Digest*. Het julle opgelet, net voordat dit uitgegaan het, is Juffrou Piper, die grootste spiritualis wat die wêreld ooit geken het. Twaalf bladsye is aan haar storie gegee. En vyftig jaar lank . . . Hulle het haar die wêreld oor gehad, en wetenskaplik bewys en alles, dat "sy absoluut met die dooies praat, en die mense kom nader." Wat? God se naam is nie een keer genoem nie, geen bekering, geen Goddelike genesing, niks Daaroor nie, sien.

404 Al wat dit was, was daardie mense het dit genoem: "John, ken jy my nie? Ek is George wat by 'n *sekere* plek was, en ek het *so-en-so* en *so-en-so* gemaak. Onthou jy daardie plek waar ons dit gaan doen het?" Sien, dis al wat hulle weet. Hulle het heengegaan. Weg van . . . Hulle is—hulle het niks oor behalwe die oordeel nie.

405 Soos wat die boom oorhel, so val dit. En die toestand waarin jy sterf . . . Dis waarom ek daarvan verskil om vir die dooies te bid, sien, die bemiddeling van gebede of—of gemeenskap van die heiliges, ensovoorts. Dit kan nie wees nie, volgens God se Woord. Dit help glad nie om vir iemand te bid nadat hulle weg is nie. Hulle is klaar. Hulle is . . . hulle het . . . Hulle het die grens tussen genade en oordeel oorgesteek. Hulle het óf na genade gegaan, óf van genade af weggegaan. Jesus het so gesê, in die 16de hoofstuk van Matthéüs, Hy—Hy—Hy het dit geleer; 16de hoofstuk van Markus, dink ek is dit. Die ryk man en Lasarus; geen mens kan hierdie kloof oorsteek nie, en sal dit nooit oorsteek nie! Daar het julle dit. Sien? So dit handel dit af.

406 Nou, maar toe Christus gesterf het, moes alles getuig dat Hy die Christus was. Nou laat ons na jou vraag toe gaan. Die eerste ding, die sterre het verseg om te skyn, die son het ondergegaan, die maan wou nie sy lig gee nie, die aarde het sy rotse opgebring, met Sy dood. En Hy het afgegaan en gepreek vir die siele wat in die gevangenis was, wat hulle nie bekeer het in die lankmoedigheid in die dae van Noag nie. Hy, hulle moes herken. Kyk daarna! En as daar toevallig vanaand 'n sondaar is hier, dink daaroor na vir 'n oomblik. Eendag sal hierdie Evangelie wat jy nou gepreek hoor word, sal jy Daarvoor moet getuig. Iewers sal jy jou knie buig, ongeag wie jy is. Dit mag tienduisend jaar van vandag af wees, dit mag nie voor die . . . in die oggend wees. Wanneer dit ook al is, jy gaan êrens buig, en jy gaan hierdie selfde Evangelie vir jou teruggepreek hoor word.

407 Want nadat daardie siele in die gevangenis was, wat hulle nie bekeer het toe Henog en toe hulle almal gepreek het, en Noag . . . en vir die lankmoedigheid van God nie, soos dit nou is, gewag vir daardie tyd om te kom. En Noag en Henog en hulle almal het gepreek, en daardie mense het gelag en hulle bespot. En hulle was in die gevangenis, en Jesus het vir die siele gaan preek wat in die

gevangenis was. Hy het getuig! Die hemele het getuig: "Hy was!" Die aarde het getuig: "Hy was!" Die hel het getuig: "Hy was!"

408 Die Bybel het gesê dat dit. . . Dawid, baie jare gelede, in die Psalms. . . Goed, Broer, lees jy die Psalms, daar as jy sal. Psalm 16:10: [Broer Neville lees: "Want u sal nie my siel aan die doderyk oorgee nie; U sal nie toelaat dat u Heilige verderwing sien nie."—Red.]

409 Lees dieselfde ding, broer, in waar Petrus gepreek het; in Handelinge, die 2de hoofstuk, die 27ste vers: [Broer Stricker lees: "Want u sal my siel nie aan die doderyk oorlaat, of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie."—Red.]

410 Lees twee verse bokant dit, broer, sodat julle die konteks—konteks daarvan kan kry: [Broer Stricker lees: "Want Dawid sê van Hom, ek het die Here—Here altyddeur voor my gesien, want hy is aan my regterhand, dat ek nie sou wankel nie. Daarom is my hart bly en my tong juig; ja, ook sal my vlees nog rus in hoop. Want u sal my siel nie aan die doderyk oorlaat of u Heilige oorgee om verderwing te sien nie."—Red.]

411 Lees nou die volgende vers: [Broer Stricker lees: "U het my die weë van die lewe bekend gemaak, u sal my vervul met vreugde by u aangesig."—Red.]

412 Ja, let op. Nou, my Jehova Getuie- vriend, ek wil jou graag daaroor vra. Sien? As die hel 'n plek is. . . Hades, Sheol, wat jy dit ook al wil noem; as dit by die graf ophou, waarom het Hy dan gesê: "Ek sal nie My siel aan die doderyk oorgee nie, ook sal Ek nie toelaat dat U Heilige verderwing sien nie"? Wat daarvan? Sien?

413 Hier was Sy liggaam, in die graf; en Sy siel was in die hel, het gepreek, lewend! Wat daarvan? Hy was weer in Sy teofanie. Sy siel was daaronder by daardie mense wat ook in teofanie was. En het teenoor hulle getuig, dat hulle "hulle nie bekeer het in die lankmoedigheid nie."

414 Hy. . . Met ander woorde, Hy het aan die deur geklop. En toe die deur oopgeswaai het, en al daardie siele wat hulle bekeer het, Hy het gesê: "Ek's die Saad van die vrou. Ek's die Een wat Henog hier. . . " Daar in die Paradys, 'n ander plek. Moet nou nooit daardie drie plekke verwar nie: die plek van die bose, die plek van die regverdiges, en hel self. Sien?

415 Net soos 'n drie-eenheid van die Hemel, soos: Vader, Seun, en Heilige Gees. Soos die drie-eenheid van die dier: die valse profeet, die dier, en die—en die merk van die dier. En dit alles, onthou, dis alles in drie-eenheid. Drie-eenheid maak een, vervolmaak. Een is volmaak. Jy's vervolmaak, een in drie: siel, liggaam, en gees; water, bloed, en senuwees. Sien, wat jy ook al was, jy moet drie neem om 'n vervolmaakte een te maak. Neem 'n driehoekige stuk glas en sit die son daarop, jy kry 'n

volmaakte reënboog. Sien, alles, jy moet drie hê om 'n volmaakte een te maak.

416 En nou, onthou dat, toe Hy gesterf het, het Hy eers gaan preek vir die siele wat nie in die gevangenis was nie. . . wat in die gevangenis was, en het getuig dat Hy "die Saad van die vrou" was. Hy was "die Een wat Henog sien kom het met tienduisende van Sy heiliges." Hy moes getuig van die Skrifte wat gepreek is deur Noag, en deur Henog, en deur die regverdiges, dat "Hy daardie Een was." Alles moes Dit herken!

417 Toe het Hy opgegaan in die hel, en het die sleutels van die dood en die hel van die duiwel ontvang.

418 Teruggekom in die Paradys; en het vir Abraham, Isak, en Jakob, en die regverdiges gebring; en opgewek (Matthéüs 27), en hulle het uit die graf uitgekom en die stad binnegegaan, en het aan die mense verskyn langs die straat. Halleluja! Daar het julle dit!

419 Nou, maar Sy liggaam. . . Terwyl Sy siel hier getuig het teenoor die verlorenes, die sleutels hieronder van die duiwel afgevat het, en teruggekom en Abraham en Isak gebring het; het Sy siel gelê in die. . . Sy siel was daaronder besig om dit te doen, en Sy liggaam het in die graf gelê. Dis waarom Jesus gesê het. . . Mense sê: "Wel, waarom sê Jesus: 'Drie dae, sal Ek dit opwek. Drie dae sal Ek opstaan.'? Hy—Hy het op Vrydagmiddag gesterf, opgestaan op Sondagoggend."

420 Maar let op, dit was "*binne* drie dae," as julle na die leksikon sou gaan. Want Hy het geweet dat Dawid, onder die salwing (van die salwing van die Heilige Gees), gesê het: "Ek sal nie My Heilige oorgee om verderwing te sien nie." Hy het geweet dit verwys na Hom. Hy het geweet dit het Hom bedoel. Hy was God se Heilige, en Hy het geweet dat verderwing binne twee-en-sewentig uur intree. Iewers binne daardie drie dae, sou Hy weer daaruit kom, omdat die Skrifte nie verbreek kan word nie.

421 En elke belofte Daarin verwys na my en verwys na jou, dis ons s'n!

422 Hy het gesê: "Vernietig julle hierdie liggaam, en Ek sal dit binne drie dae opwek." Want Hy het gesê: "Ek sal My siel nie aan die doderyk oorlaat nie, Ek sal ook nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie."

423 Hy het geweet, binne drie dae sou daardie liggaam daar uitkom. Hy het nie die volle drie dae gebly nie. Nee, meneer, Hy het beslis nie. Hy het net van Vrydagmiddag tot Sondagoggend gebly, nie een sel van daardie liggaam kon verderf word nie.

424 En Hy was dood, en gebalsem, en het gelê. . . of is toegedraai in linne, en in 'n graf neergelê. In daardie warm, bedompige land, duur dit net 'n paar uur en Hy sal begin bederf. Jy gaan afster-. . . afsterwing, weet julle, sy liggaam, sy neus sak in en

dinge, verderwing begin; daardie warm, klam land. En dit sou gaan verderf het, want dit was 'n liggaam. Maar Hy het geweet, voor daardie sel verderf het, dat God deur Dawid die profeet gesê het: "Ek sal nie toelaat dat My Heilige verderwing sien nie."

425 Hoe het Hy nie die Woord van God geneem en Daarvolgens gelewe nie! Nou, elkeen van daardie beloftes Daarin wat na Hom verwys het, God het elkeen van hulle vervul. En elke belofte wat na die gelowige verwys, God sal elke belofte Daarvan vervul. Amen. Wees maar net gerus dat Dit die Waarheid is. Amen. So, Sy siel . . .

Dink jy dit is . . . Nee, ek's jammer. **Waar was Jesus se Gees vir die drie dae wat Sy liggaam in die graf was?**

426 Sy Gees was in die hel, onder in die laer gebiede; en Hy het opgestaan. En ek kan hier 'n klein—klein stellinkie byvoeg wat julle baie kan help. Toe Hy opgestaan het, het Sy . . . Toe Hy uit die dood uit opgestaan het, was Hy absoluut nog nie klaar met die verlossingswerk nie. Dis reg. Hy moes die hele ding skoonmaak. Die prys is betaal, maar daardie verskrikking van die hel, daardie verskrikking van die graf . . . En hier, toe Hy—toe Hy gesterf het, het Hy net voortgegaan. Hy het nooit opgehou werk toe Hy gesterf het nie, Hy het aangehou preek! . . . ? . . . Verskoon my onbehoorlike gedrag, skat ek, maar Hy het nooit opgehou nie!

427 Jy sal nooit heengaan nie! Jou liggaam mag dalk vir 'n ruk rus, maar God sal dit opwek, Hy het belowe Hy sal. Maar jy kan net so min tot niet gaan as wat God tot niet kan gaan. Dis reg. Kyk, Sy . . . nadat Hy dood is, tot watter . . . dood vir die dissipels. Hy was aan die slaap, dis wat Hy was. Hulle het Hom aan die slaap gemaak; soos Hy gesê het van Lasarus: "Ek sal hom gaan wakker maak." God moes Hom wakker maak.

428 Kyk, Hy het net daarheen voortgegaan, Hy het aangehou preek. En Hy het gepreek vir die siele hier in die gevangenis. Het reguit aangegaan tot in die doderyk, die sleutels van die duiwel gekry. Het weer teruggekom en weer in die Paradys gepreek, en weer opgestaan op die derde dag. Besoek afgelê by Sy apostels vir veertig dae, en aan die einde van die veertigste dag, het Hy net voortgegaan na bo; want, alles oor ons, die bygelowe en wat nog . . . Hy het elke bygeloof, elke twyfel afgesny, en het 'n gebedsry gemaak van die aarde af na die Heerlikheid met Sy hemelvaart. Hy het opgevaar en gaan sit aan die regterhand van Sy Majesteit. Oorwinnaar! Die Groot Veroweraar, absoluut. Die dood kon Hom nie vashou nie! Die hel kon Hom nie vashou nie! Die aarde kon Hom nie vashou nie!

429 Toe Hy hier op aarde was, is vir Hom gegee . . . Hy het na die laagste stad gegaan en na die laagste mense, en is die laagste naam gegee. Dis wat die mens aan Hom gedoen het. Hy het na Jérigo, die laagste stad, toe gegaan. Die kleinste man moes in

'n boom klim om op Hom neer te sien. Dis waar die mens Hom geplaas het. Hy was 'n voete-was lakei, die laagste werk wat gegee kon word. Hy het die laagste geword. En Hy is die laagste naam genoem wat gegee kon word: *Beëlsebub*: "die prins van die duiwels." Die mens het Hom die laagste naam gegee, die laagste plek, en Hom gestuur na die laagste streke van die laagste hel.

430 God het Hom opgewek en Hom na die Hoogste Hemel gestuur, en 'n Naam bo elke naam. Halleluja! Wel, Hy sal oorkant toe moet kyk, om die Hemel te sien. U Troon is verhewe bo die hemele van die Hemel. En die grootste Naam wat ooit in die Hemel en die aarde genoem moet wees . . . is aan Hom verbonde. Dis wat God aan Hom gedoen het. Die mens het Hom die laagste geplaas, en God het Hom die Hoogste gemaak. Daar was Hy, van die laagste tot, die Hoogste.

431 Hy het die laagste geword sodat Hy ons na die Hoogste toe kon bring. Hy het ons geword, sodat ons deur Sy genade Hy kon word, seuns van God. Dis waarheen Hy gegaan het. Amen! Geseënd sy Sy Naam. Hy het 'n weg gebaan dat ons ook eendag kan kom: "Omdat Ek leef, sal julle ook leef."

432 O, geen wonder . . . Wanneer die mens daardie visie raaksien, daar was nog nooit 'n man wat dit kon verduidelik nie. Hulle het selfs probeer om dit te verduidelik, van hulle verstand af geraak; hierdie groot lied: "O liefde van God, hoe ryk en rein; Hoe onbegryplik en sterk." Daardie laaste vers . . . of ek dink dit is die eerste vers: "As ons die oseaan met ink sou vul, En was die hemele van perkament gemaak; . . . " Weet julle waar dit gekry is? Geskrywe op die kranksinnige . . . muur in 'n inrigting vir kranksinniges. Geen mens kan nooit ooit daardie Liefde van God verduidelik nie. O, dit kan nooit gesê word, wat Hy vir ons gedoen het nie. Goeiste, hoe sou jy een verdienste daar kon stel? Dis Sy genade, van begin tot einde. Ek was verlore, ontdaan, en hulpeloos, sleg, niks oor te sê nie, en Hy het deur Sy genade vir ons kom red. O, goeiste. Dis Sy . . . Dis my Here. Dis Sy liefde, dis Sy goedheid.

433 Nou, ons het omtrent sewe minute en omtrent vyftien vrae . . .

62. Dink jy dit is reg vir vroue om persoonlike werk buite die kerk te doen?

434 Ja. Dis net 'n vraag, net 'n . . . nie 'n skriftuurlike vraag nie, maar . . . Sekerlik, ek dink so. Ja, meneer, ons is almal saam werkers. Vroue het hulle plekke, en hulle doen dit vir seker. Ja, meneer. Doen maar net al die persoonlike werk wat jy kan doen, en God sal jou daarvoor seën.

Goed, nou laat ons sien:

63. Verduidelik asseblief die drie-eenheid. Hoe kan die Seun sit aan die regterhand van die Vader, intree vir die . . . by die Vader, as hulle nie twee persone is nie?

435 Wel, geliefde vriend, dis 'n . . . dis—dis 'n openbaring. As Jesus gesê het: "Ek en My Vader is Een," hoe kan hulle dan twee wees? Sien? Nou, hulle is nie twee nie.

436 'n Vrou het eenkeer vir my gesê, en ek het dit verduidelik, het gesê: "Jy en jou vrou is—is twee, tog is julle een."

437 Ek het gesê: "Maar, God en die Seun is anders as dit, sien." Ek het gesê: "Sien jy my?"

"Ja."

"Sien jy my vrou?"

"Nee."

438 Ek het gesê: "Dan is Vader en Seun anders; Jesus het gesê: 'Wanneer julle My sien, het julle die Vader gesien.'" Sien?

439 Die Vader en die Seun . . . Die Vader was Almagtige Jehova (God) wat in 'n tabernakel genaamd Jesus Christus gewoon het, wat die gesalfde Seun van God was. Jesus was 'n Mens, God is 'n Gees. En geen mens het God te eniger tyd gesien nie, maar die eniggeborene *van* die Vader het Hom verklaar. Hy was . . . Hy . . . Sy persoonlikheid, Sy wese, Sy Godheid, wat Hy ook al was, Hy was God! Hy was niks minder of niks meer as God nie. Tog, was Hy 'n Mens. Hy was 'n Mens, 'n huis waarin God gewoon het. Dis reg, Hy was God se woonplek.

440 Nou, as julle 'n paar Skrifte daaroor wil hê . . . Broer Neville, as jy vir my Markus 14:62 sal kry. En Suster Wood, kry jy vir my Efésiërs 1:20. Het iemand anders 'n Bybel? Wel, steek jou hand op. Suster Arnold, het jy een daaragter? Goed, kry jy vir my Handelinge 7:55. Goed. Markus 14:62, Broer Neville; en Suster Wood s'n is Efésiërs 1:20; Handelinge 7:55, Suster Arnold.

441 Goed, het jy dit, Broer Neville? Goed, lees nou: [Broer Neville lees: "En Jesus sê: Ek is: en julle almal sal die Seun van die mens aan die regterhand van die krag sien sit, en kom met die wolke van die hemel."—Red.]

442 Goed, nou, let op die eerste frase daar. Jesus het gesê: "EK IS."

443 "EK IS." Wie was die EK IS? Daar was nog nooit 'n mens in die hele wêreld wat Dit kon verklaar nie. Selfs die . . . julle wat die leksikons ensovoorts lees, daar was nog nooit 'n mens wat kon uitmaak . . . Dis J-v-h-u. En selfs die Hebreeuse geleerdes kon Dit nooit uitspreek nie. Daardie brandende bos daar, daardie dag toe Hy Moses ontmoet het, Dit was J-v-h-u. So hulle het Dit uitgespreek "J-o-h, Jehova," maar Dit is nie "Jehova" nie. J-v-h-u, sien, niemand weet nie.

444 En julle sê: "Wel, Moses kon Dit nie uitmaak nie."

445 Hy het gesê: "Wie kan ek sê?"

446 Hy het gesê: "Sê: 'EK IS' het jou gestuur. EK IS."

447 Nou let op. *EK IS* is 'n teenswoordige tyd, nie "Ek was" of "Ek sal wees" nie, EK IS. Nou, Hy het gesê: "Dit sal 'n gedenknaam wees deur alle geslagte: EK IS."

448 Nou kyk na Jesus wat daardie dag hier by die fees staan. Hulle het gesê: "Ons weet nou jy's gek." Regte woorde: "Jy's mal" (*mal* is "gek"). "Ons weet jy's gek. Jy's 'n Samaritaan, jy het 'n duiwel." (Johannes, die 6de hoofstuk) En hy het gesê: "Nou, jy sê dat jy's. . . het Abraham gesien, en jy's 'n man van nie meer as vyftig jaar oud nie?" (Hy kon 'n bietjie oud gelyk het vir Sy ouderdom, maar Hy was net dertig, maar Sy werk.) Het gesê: "Jy bedoel jy's 'n man van nie meer as vyftig jaar oud nie, en sê jy 'het Abraham gesien'? Ons weet nou jy is gek." Sien?

Hy het gesê: "Voor Abraham was, IS EK."

449 "EK IS," Hy was die groot EK IS. Hier sê Hy weer vir hierdie Jode, sien: "EK IS! En wanneer julle My sien kom aan die regterhand van die krag, . . . " Is dit reg?

450 Lees dit weer, broer: [Broer Neville lees: "Wanneer julle die Seun van die mens aan die regterhand van die krag sien sit, en kom met die wolke van die hemel."—Red.]

451 Lees nou joune, Suster Wood: [Suster Wood sê: Efésiërs 1:20?—Red.] Ja, mevrou. [Suster Wood lees: "Wat Hy gewerk het in Christus, toe hy hom uit die dode opgewek het, en hom laat sit het aan sy regterhand in die hemele."—Red.]

452 Goed, lees joune, suster. Sien, Dis net dieselfde: [Suster Arnold lees: "Maar hy was vol van die Heilige Gees en het die oë na die hemel gehou, en die heerlikheid van God gesien, en Jesus wat staan op die regterhand van God."—Red.]

453 Nou, sien julle, Je- . . . God kon nie 'n groot regterhand gehad het nie, sien, en Jesus staan *op* Sy regterhand nie. Die *regterhand* beteken "die outoriteit." Sien? Net as voorbeeld, wat as—as ek die volle gesag van die kerk was, of ek was 'n biskop van 'n aard, en Broer Neville het my plek ingeneem, sou hy my regterhand wees. Sien, dit beteken dat hy's . . . hy sou aan my regterhand wees.

454 Nou, Jesus is aan die regterhand van die Krag. Nou, Hy sê so, hier in Efésiërs, wanneer hy dit verduidelik, Hy's aan die regterhand van die Krag. "Alle mag in die Hemel en op aarde" (het Hy gesê, na Sy opstanding) "is in My hande gegee. Ek het alle mag in die Hemele en op aarde. Gaan julle dan en verkondig aan alle nasies, doop hulle in die Naam van die Vader, en Seun, Heilige Gees, leer hulle om alle dinge wat ek julle beveel het, te onderhou; kyk, Ek is altyd by julle, tot aan die einde van die wêreld."

455 "Alle mag in die Hemele en op aarde." Waar is dit . . . As daar 'n god daarbo is buiten Hom, is hy magteloos. Sien, daar sou nie 'n ander God kon wees nie. "Alle mag van die Hemele en aarde"

lê in Sy hand. So, sien julle: "Hy staan aan die regterhand," (soos die persoon die vraag gevra het), beteken nie . . .

456 Nou kyk! Die liggaam . . . God is 'n Gees. Ja, hoeveel verstaan dit? sê "Amen." God is 'n Gees, Jesus is 'n Mens, en Jesus was God wat vlees gemaak is. Jesus was . . . Ons sou God nooit kon sien nie, sien, Hy's 'n Gees. Jy kan nie gees sien nie. "Geen mens het God te eniger tyd gesien nie." Niemand sou God kon sien nie.

457 En laat ek dit sê: "Julle het my nog nooit gesien nie." Julle het my nog nooit in julle hele lewe gesien nie, en julle sal my nooit sien nie. Dis reg. Julle sien hierdie liggaam wat hierdie persoon wat hierbinne is, verklaar. Nou, hierdie liggaam het nie Ewige Lewe nie, maar die gees het Ewige Lewe. Hierdie liggaam sal teruggaan, maar dit sal weer voortkom in sy gelykenis, net soos 'n koringkorrel in die grond ingaan. Die Christendom is op opstanding gebaseer, nie vervanging nie. Opstanding; dieselfde Jesus wat afgegaan het, dieselfde Jesus het teruggekom. As jy as rooi-kop afgaan, kom jy as rooi-kop terug; as jy as swart-kop afgaan, kom jy as swart-kop terug. Sien, dis 'n opstanding.

458 Wanneer jy gaan eet . . . Ek het dit vir die dokter gevra, nie lank gelede nie, ek het gesê: "Waarom is dit dat toe ek sestien jaar oud was . . . Elke keer wat ek eet, het ek my lewe hernu?"

459 Het gesê: "Dis reg."

460 Jy neem nuwe—nuwe selle in elke keer wat jy maak . . . die—die vlees maak . . . of die voedsel maak bloedselle, en daardie bloedselle maak dat jy sterker word. Dis hoe jy lewe. Dan, moet iets elke keer sterf, vir jou om te lewe. Elke dag, sterf iets: as jy vleis eet, het die koei gesterf; of wat jy ook al eet; en die vis het gesterf; of die—of die koring het gesterf, om die brood te maak; die aartappel het gesterf, wat die aartappel gemaak het; en die . . . elke vorm van lewe; jy kan net lewe deur dooie materiaal.

461 En jy kan net Ewiglik lewe omdat iets gesterf het: Jesus. Nie omdat jy by die kerk aangesluit het nie, nie omdat jy gedoop is nie, nie omdat jy die Christendom bely het nie; omdat jy die Lewe van Jesus Christus aanvaar het wat gebloei . . . Bloed wat vir jou gestort is, en jy Hom as jou persoonlike Verlosser aangeneem het.

462 Nou, let op, ek vra dit. Ek wil vir *julle* dit vra. Kyk hierna, dis pragtig. Miskien het ek vroeër (ek weet nie) hier daaroor geleer; preek oral, jy vergeet wat jy gesê het by een . . . spesifieke plekke. Maar, waarom is dit, dan . . .

463 Nou, ek skat, Suster Smith . . . Ek weet nie of ek vir Broer Fleeman so lank gelede al geken het of nie. En Tryphena, ek onthou haar toe sy 'n klein dogtertjie was. Julle onthou my, toe ek altyd gewees het . . . was 'n klein, kort frisgebou; swart, krullerige hare. Ek het altyd geboks. O, ek het gedink ek was 'n byderwetse man van die wêreld. "O," het ek gedink: "daar's niemand wat my kon uitstof nie. Nee, meneer." Maar ek—ek het my daarmee misgis, julle sien. Maar ek . . . Nou, ek het net gedink:

"O, goeiste." Ek het gedink: "As jy hierdie ding op my rug sou kon sit, sou ek in die straat af stap daarmee." Sekerlik, niks het my bekommer nie. En elke slag wat ek eet, het ek die heeltyd groter en sterker geword. Elke keer wat ek nuwe lewe gesit het in . . . Ek het kool, aartappels, en boontjies, en vleis geëet, net soos ek vandag maak. En ek het die heeltyd sterker en groter geword. En toe ek omtrent vyf-en-twintig geword het . . .

464 Ek eet nou beter as wat ek toe het, julle ken my almal, weet dit. Ek kan nou beter eet, almal van ons kan. Maar waarom is dit dan, Broer Eagen, as ek steeds beter kos eet, meer daarvan, beter vitamiene en alles . . . En hoe meer ek eet, verdwyn ek geleidelik. En nou raak ek 'n ou krom-skouer man, bleskop, en word grys, en hande verrimpel, gesig val in, skouers hang, in die oggend is dit swaar om op te staan, en . . . O, goeiste. Waarom is dit? As ek my lewe hernu elke keer wat ek eet, waarom is dit dan?

465 As ek water uit 'n beker in 'n glas gooi, en dit raak half vol, en begin dan altyd net sak in plaas van op te kom; en hoe meer ek ingooi, hoe vinniger sak dit. Daar is dit. En jy sou dit nie wetenskaplik kon bewys as jy moes nie. Hierdie Boek is al bewys wat God beskik het; dis 'n beskikking, God het ons sien kom.

466 Julle ouer manne, en julle ouer vroue, miskien het party van julle—julle mans en julle vroue miskien al heengegaan. Dit—dit pla glad nie. Halleluja. Hulle is net oorkant agter die gordyn, aan die wag; absoluut. En hulle verlang om weer by julle te wees. Dis reg, sekerlik, hulle doen dit. Hulle verlang daarna om weer saam te wees. Die Bybel het gesê hulle doen dit, die siele onder die altaar wat roep: "Here, hoe lank nog?" Sien? Hulle is nie in hulle regte toestand nie.

467 God het ons nooit Engele gemaak nie, Hy het ons mans en vroue gemaak. Ons sal altyd mans en vroue wees, want ons is 'n —'n produk van God se eie intelligensie. Ons kan altyd mans en vroue wees.

468 Maar wat doen dit? Sien, miskien dink jy dat toe jy na die altaar toe gestap het, jy en manlief, gesê het dat ons mekaar neem as wettig getroude vrou en saamleef in 'n heilige staat van hierdie huwelik, en die—die genade van God ensovoorts, en al jou getuienis wat jy gee, en jou belofte wat jy gemaak het. Voor jy jou kom kry, begin oplet, albei van julle. Hy was regop, en die hare blink; en mamma en haar mooi, bruin ogies, of blou oë, of wat dit ook al was. O, hoe het jy nie na haar gekyk nie. Jy het uitgestap, jy het na pa gekyk: "Nou, maak daardie skouers regop"; en na 'n rukkie begin hulle hang. Mamma sal grys-kop raak, artritis begin, ensovoorts. En na 'n ruk, heen het sy gegaan, of het hy heengegaan.

469 Wat was dit? Toe God julle daar sien staan het, het Hy gesê: "Daar is dit, dis hoe Ek julle wil hê." Goed, dood, kom jy maar aan, maar jy kan hulle nie neem voor Ek jou toelaat nie.

470 O, o, ek dink aan Job. Ja, God het afgekyk, Job het geweet dat God hom liefhet. (En let op hy kan jou nie neem nie.) Hy het gesê: "Jy het hom in jou hande, maar jy mag nie sy lewe neem nie."

471 En dan voor jy weet waar jy is, begin die skouers hang, en na 'n ruk het jy heengegaan. Wat is dit wat gebeur het?

472 Nou, in die opstanding sal daar nie een ding wees wat die dood simboliseer nie. Daar kan nie een ding wees wat hierdie aarde simboliseer nie, van wat . . . Sien, jy het deur die wil van God opgekom, jy het lewe gehad. Toe het die dood ingetree, jou neergevel. Eet dieselfde kos en alles, drink dieselfde soort water, alles; maar die dood tree in. Maar die prentjie is al klaar gevorm. Halleluja. In die opstanding sal jy weer lewe wees. En daar sal geen dood wees nie, of geen ooreenkoms met dood, of ouderdom, of kreupelheid of enigiets nie. Onsterflik, sal ons in Sy gelykenis staan, vervolmaak vir ewig. Halleluja. O, ek . . . Dit sal enigeen laat uitroep, vernaamlik as jy my ouderdom bereik.

473 My ouderdom is, skat ek, as jy daaraan dink, meer as ooit. Jy's net by daardie oorgangstipe, sien jy. Die . . . Jy begin wonder: "Waaroor gaan dit alles? Wat het ek gedoen?" Ek kyk hier terug, ek dink: "My, goedheid; wel, waar het hy heengegaan, Here? Hier is ek, agt-en-veertig jaar oud. Nog twee jaar, sal ek 'n halwe honderd wees. Sjoe. Ek's net . . . "

474 Kyk net na die paar siele wat ek gewen het. Ek wil nog miljoene en miljoene wen. God, help my. Ek skaam my vir myself om selfs op 'n vakansie huis toe te kom. Dink: "O, die oes is ryp, en die arbeiders is min. Miljoene in sonde en skande sterf elke dag, luister na hulle geroep." Ek gaan daar snags bed toe en hoor daardie arme klein heidene aan die roep oorkant in die land. Hoe kom hulle nie by die duisende nie, trek agter my aan, en—en staan daar by die lughawe waar hulle die burgermag daar moes kry om hulle terug te hou, net om die verhaal van Jesus Christus te hoor.

475 En hier kan ons soebat, en adverteer in die koerant en wat nog, en die heel beste plekke kry vir hulle om te sit, die beste vermaak met goeie sang, hulle sal kom en: "Oooo, wel, ek skat dit was heel oukei, maar behoort egter nie aan my geloof nie."

476 O, goeiste, hoe—hoe—hoe lank kan dit aanhou? Dis nie . . . dit is nie reg nie. En hier hark ons honderde biljoene tonne voedsel in die vullisblik in, en daardie mense sou dit graag ontvang. En hulle is skepsels van die aarde nes ons is. Goeiste, ons . . . Wel, dit kan nie te lank so optree nie.

477 Goed, nou, Wie's die Vader? Die Vader en die Seun is Een. Kyk, in Een Johannes 5:7, het Dit gesê: "Daar is drie wat getuig in die Hemel, die Vader, die Woord (wat die Seun is) . . . Vader, Seun, en Heilige Gees: hierdie drie is Een."

478 "Daar's drie wat getuig op aarde, wat water, bloed, en Gees is." Dis die drie elemente wat uit die liggaam van Christus uitgekom het. Hulle het Sy sy deurboor: water het uitgekom,

Bloed het uitgekom: "In U hande gee Ek My Gees oor." Daar is dit, dis die drie elemente. Hierdie drie is nie een nie, maar hulle is *eenstemmig*.

479 Vader, Seun, en Heilige Gees; Een Johannes 5:7, sê: "Hierdie drie *is* Een."

480 "Water, bloed, en Gees is *eenstemmig*." Nie Een nie, maar is *eenstemmig*. So die Vader . . . En al wat die liggaam kon doen, wanneer God Self kan sien, dat deur die straf waardeur hierdie liggaam gegaan het, daar's die intersek . . . onderskepping net daar, julle sien. Dis daar waar Hy daardie Bloed sien staan tussen Hom en die oordeel. Hier's Sy Woord, het gesê: "Die dag dat julle daarvan eet, die dag sterf julle." En hier het Jesus gesê: "Ek . . . Maar Ek het hulle plek ingeneem. Sien, Ek het hulle plek ingeneem."

481 Onthou julle my verhaal nou die aand waar ek die visioen gesien het van die vrou, baie sleg wat hier in die vertrek was? En ek het haar veroordeel, het gesê: "God, waarom blaas U nie die plek op nie?" Toe het Hy *my* gewys, sien. En ek het na haar toe gestap en haar vertel wat gebeur het.

Nou, dis my laaste vraag hierdie.

64. Dink jy, volgens die skrifte, dat die Jode sal . . . Christus sal aanvaar net voor die Wegraping van die Kerk?

482 Ek—ek—ek glo werklik dat die Wegraping van die Kerk . . . Dis my eie opinie, sien. En as ons tyd gehad het, sou ons dit deurgeneem het, maar dis—dis nou oor nege. Kyk, ek glo wel dat die Jode Christus sal ontvang met Sy tweede Koms. Nou onthou, sodat die persoon dit sal weet, ons oë is verblind, of, hulle oë is verblind sodat ons ons sig kon ontvang. Enigeen weet, die Skrifte spreek daarvan. Is dit reg? Paulus sê vir ons dat ons . . . dat ons verblind is . . . dat die Jode verblind is sodat ons Christus kon ontvang. Sien? En ons is die wilde olyfboom wat deur aanneming ingeënt is in die boom.

483 Nou hier's my opinie, ek gaan julle net gee . . . Hulle vra my: "Dink jy . . . ?" Nou hier's hoe ek dink dit sal plaasvind. Ek weet nie. Wat dit ook al is, ek's seker dat deur God se genade en Sy barmhartigheid, sal ons daar wees; sien, deur Sy genade, wat dit ook al is. Ek mag nie in staat wees om dit uit te werk nie, maar hier is wat ek dink. Ek glo ons is by die eindtyd. Ek glo die Heidense tydperk is nou aan die eindig. Ek glo ons is by die afsluiting.

484 En nou die Jode; hier was twee dinge wat altyd die Jode verontreg het: Hulle is verblind, hulle kon dit nie sien nie; en omdat die Heidene, ten minste, baiekeer . . .

485 Ek het met 'n Jood gepraat by Benton Harbor, Suster Smith, en weet jy wat het hy vir my gesê? Daar by een van daardie Israel . . . plekke daar van Israel. Hierdie vraag oor 'n genesing

van 'n blinde man. En hy het gesê: "Jy kan nie Jode sny in . . . Jy kan nie vir God in drie stukke sny en Hom vir 'n Jood gee nie; Hom Vader, Seun, en Heilige Gees maak nie." Het gesê: "Jy kan dit nie vir 'n Jood doen nie, ons is nie afgodedienaars nie." Het gesê: "Ons glo in *een* God." Sien?

486 En gaan maak jy vir God drie: God die Vader, God die Seun, en God die Heilige Gees; verblind jy sekerlik 'n Jood net daar, want hy weet van beter. Hy weet beter as dit. Dit sou jou 'n afgodedienaar maak net so seker as wat afgodery is, jy sou drie gode hê. Jy moet hulle een en dieselfde God maak, dis nie drie gode nie, dis drie ampte van dieselfde God. Sien, God het gedien in die Vaderskap, Hy het gedien in die Seunskap, en Hy dien nou in die Heilige Gees bedeling. Dis een en dieselfde God.

487 Dis waarom ons opdrag gegee is om te doop in die Naam van die Vader, Seun, Heilige Gees; omdat, nie in die naam van 'n . . . In die *Naam*, nie name nie; nie in die name, of in die naam van die Vader, in die naam van die Seun, in die naam van die Heilige Gees nie; maar: "in die Naam van die Vader, Seun, en Heilige Gees." Sien, erken dat die einste God Christus is. Sien, dis die Wie dit is, dit kan nie anders wees nie. Sien? En die Skrif . . .

488 En—en dan as ons openbaring verkeerd is, dan het Petrus en die res van die apostels die verkeerde ding verkondig; want elke persoon in die Bybel is gedoop in die Naam van die Here Jesus Christus. Nie een persoon is ooit gedoop in "Vader, Seun, Heilige Gees" nie, dis 'n Katolieke doktrine. Ek kan dit vir julle bewys deur hulle eie woorde, en hulle eie leksikons en alles. Dis 'n Katolieke geloofsbelydenis en nie 'n—en nie 'n Bybeldoktrine nie. En geen mens . . .

489 Selfs die Koning van Engeland is gedoop in die Naam van Jesus Christus. Omtrent seshonderd jaar na die dood van die laaste apostel, toe dit nog nie eens Engeland genoem is nie, dis genoem "Engel Land." Dis waar dit vandaan kom, die naam. Hy is gedoop in die Naam van Jesus Christus.

490 Wat hom bekeer het, was 'n klein mossie. Toe . . . As ek kan dink . . . nie Sint Angelo nie. Wat was sy naam, nou? Agadabus [Onseker spelling—Red.], Sint Agadabus, dink ek was dit. Ek sal nou nie seker wees van daardie naam nie. Maar, in elk geval, hy is daarheen, en hulle het 'n paar gehad van hierdie . . .

491 Hulle het hulle engele genoem, want, die mense en die Assiriërs ensovoorts was van donker gelaat, en hierdie Engelse het lang, wit, krullerige hare gehad, blonde-koppe, Anglo-Saksers, julle weet, blou-oog. En hulle het gesê: "Hulle het soos Engele gelyk," en toe het hulle dit genoem "Engel Land."

492 En die—die dienskneg van die Here is daarheen en het vir hulle koning gepreek, en hulle het by 'n groot, oop vuurherd gesit. Ek het die geskiedenis daarvan gelees nie lank gelede nie. En 'n klein voëltjie het in die lig ingevlieg en het weer uitgegaan, en

die koning het die vraag gevra: "Waar het hy vandaan gekom en waarheen het hy gegaan?" Sien? "Hy het in die lig ingekom, en ons het hom gesien, en hy het weer teruggegaan in die duisternis in. Is dit nie hoe 'n mens gaan nie?" het hy gesê.

493 "Maar wat was hy voor hy hier kon inkom?" het die prediker gesê, sien. Dit het die koning getref; en die volgende oggend is hy en sy huishouding gedoop in die Naam van Jesus Christus. Dis reg.

494 Wat toe? Die eerste mens wat ooit besprinkel is of op enige manier gedoop is in die naam van die "Vader, Seun, Heilige Gees," was in die Katolieke kerk. Die eerste besprinkeling wat ooit plaasgevind het, was in die Katolieke kerk. Die eerste gieting wat ooit plaasgevind het, was in die Katolieke kerk. Die protestantse kerk het altyd gedoop . . . in die Bybel, die apostels, deur onderdompeling in die Naam van Jesus Christus. Oral. Kry net een plek waar hulle enigsins anders was, sien.

495 Nou, in hierdie, hierdie groot tyd, die Jode kan nie . . . Ek het vir daardie rabbi gevra, ek het gesê: "Rabbi, sou dit vir jou moeilik wees om die profete te glo?"

496 Hy het gesê: "Ek glo die profete."

497 Ek het gesê: "In Jesaja 9:6, wat het hy bedoel: 'Vir ons is 'n Seun gebore'? Van wie het hy gepraat?"

498 Hy het gesê: "Hy het van die Messias gepraat."

499 Ek het gesê: "Sal die Messias dan gebore word?"

500 "Ja, Hy sal gebore word."

501 Ek het gesê: "As Hy dan gebore moet word, het Hy 'n . . . sal Hy 'n moeder hê."

502 "Ja, Hy moet 'n moeder hê. En Hy moet 'n vader ook hê," het hy gesê.

503 Ek het gesê: "Absoluut. En sal dit vir jou moeilik wees om te glo dat dit nie sal wees . . . dat God die Groot Jehova Wat die Skelfsee geopen het, nie deur vlekkelose geboorte aan hierdie Baba geboorte sou kon gee nie?" Sien? Daar was hy.

504 Hy het gesê: "Maar jy kan Hom nie drie gode maak nie."

505 Ek het gesê: "Hy is nie drie gode nie." Ek het gesê: "Watter verwantskap sal die Messias met God hê?"

506 Hy het gesê: "Hy sal God wees."

507 Ek het gesê: "Nou het jy dit. Nou het jy dit, Hy is God." Dis presies.

508 Toe het hy my probeer vertel, het gesê: "Wel, hierdie man was 'n dief, hierdie Jesus van Násaret. Hy was 'n dief."

509 Ek het gesê: "Rabbi, hoe was Hy 'n dief?"

510 "Wel," het hy gesê: "julle eie skrifte het gesê dat 'Hy op die Sabbatdag in die koringland ingegaan en die koring geneem het.'"

511 Ek het gesê: "Nou, rabbi, jy weet van beter . . . meer van die Skrif af as dit. Julle eie skrif sê dis wettig: 'Dis wettig vir 'n mens om soveel koring te gaan eet as wat hy wil, maar moet dit nie in sy sak sit en dit uitneem nie.' Julle eie wet, die rabbi."

512 En hy het 'n rukkie daar gestaan, hy—hy—hy het dit geglo, want hy—hy het gesien. Hy het gesê, na 'n ruk, het hy gesê: "Wel, wat—wat het John se oë laat . . . " Het gesê: "Hoe het jy dit gedoen?"

513 Ek het gesê: "In die Naam van Jesus Christus."

514 "Uh." Hy—hy het nie geweet nie; het gesê: "Wel, jy kan God nie in drie stukke sny nie."

515 Ek het gesê: "Hy was die Jehova gemanifesteer in vlees, Rabbi. Hy . . . Dis wat Hy was, Hy was Jehova in die vlees. Sy Eie menslike naam, dit was die Verlossingsnaam, want geen ander naam is gegee onder die Hemel waardeur 'n mens gered kan word nie, net deur daardie menslike Verlossingsnaam: die Here Jesus Christus. Dis reg. Hy was God, Hy is God, Hy sal vir ewig God wees, dis presies reg, die Here Jesus Christus."

516 Nou, ek glo dat die Heidense kerk binnekort sal . . . die voltooïng van die liggaam van die Heidense kerk. Die deure tussen . . . Jesus het gesê, in Matthéüs 24, (ek sal daardie een Skrif vir 'n oomblik neem), Hy het gesê: "Hulle sal die mure van Jerusalem vertrap totdat die Heidense bedeling voltooi is."

517 Kyk nou. Dis deur ons Here Jesus gegee, in Matthéüs 24, dat die Jode uit die prentjie gehaal sou word. Daniël het gesê, destyds daar in die ou profete, het hy gesê dat 'daar nog sewentig weke vir die Jode bestem sal wees. En die Messias sal kom (die Prins) en sal profeteer in die middel van die sewentigste weke, wat die sewe jaar was, hy sou in die middel afgesny word. Kyk hoe perfek was dit, Jesus is presies drie-en-'n-half jaar gepreek en is gekruisig. Maar daar is drie . . . Dit kom reg hier by hierdie ander vraag in. Daar's nog drie-en-'n-half jaar bestem, vir die Jode. Dit moet wees.

518 Nou, as jy Openbaring, die 7de hoofstuk, sou neem, Johannes het honderd en vier-en-veertigduisend Jode gesien, almal verseël, van die twaalf stamme van Israel. Sien wat ek bedoel? Tog vooraf plaas te vind, voor dit tevoorskyn kom.

519 Kyk nou hoe pragtig is dit, voor ons nou afsluit. Kyk hoe—hoe dit ombeweeg. Nou, daardie Jode is verdonker.

520 Nou, hierdie Jode hier, meeste van hulle hier, is net . . . julle weet hoe hulle is, hulle hou die rykdom van die wêreld. En hulle is net—net geldmense, en dis al wat jy daarvan kan uitmaak, sien;

en baie arrogant, en afsydig, en wil nie luister nie. Maar, dis nie diegene van wie Hy gepraat het nie, as julle sal oplet.

521 Nou, die Heidene. . . Nou kyk, daar's nog drie-en-'n-half jaar oor vir hierdie Jode. Nou, Jesus het gesê dat die stad Jerusalem deur die Heidene vertrap sal word totdat die Heidense bedeling. . . (Nou, julle mense wat nie in bedelings glo nie, wat daarvan?). . . Totdat die Heidense bedeling beëindig sou word. En wanneer die Heidense bedeling beëindig is (die tyd van die Heidene beëindig is), dan sal die stad aan die Jode teruggegee word. En Jesus het voortgegaan om te sê dat die geslag. . . Het gesê: "Wanneer julle uitgaan en sien die vyeboom stoot sy botsels uit, en al die ander bome bot," het gesê: "weet julle dat die somer naby is." Het gesê: "Net so wanneer julle hierdie dinge sien gebeur, weet dat die tyd naby, voor die deur is; en voorwaar, Ek sê vir julle, dat hierdie geslag nie sal verbygaan voordat hierdie dinge vervul is nie."

522 Nou, hulle was daarvoor op die uitkyk in daardie geslag: "Dis waarvan Hy gepraat het." Glad nie!

523 Luister! Hy het gesê: "Die geslag wat gesien het hoe die vyeboom sy botsels uitstoot." Nou kyk, Hy het gesê: "Die vyeboom, en al die ander bome." Nou, met ander woorde: "Daar sal 'n universele herlewing op daardie tydstip wees." Nou kyk na hierdie profesie, hoe dit inwerk en net perfek inskakel. Nou kyk. "Al die ander bome wat hulle botsels uitstoot, herlewe." 'n Boom, wanneer dit sy botsels uitstoot, herleef. Is dit reg? Nou, almal weet, 'n profetiese leermeester, dat die vyeboom nog altyd die Jood was. Ons weet dit. Dis die Jood. Nou die. . .

524 En kyk na Joël, toe hy dit oorgeneem het, het hy gesê: "Wat die afknyper oorgelaat het, het die kaalvreter gevreet; wat die kaalvreter oorgelaat het, het die treksprinkaan gevreet; en wat die treksprinkaan gevreet. . ." As julle sal oplet, dis een en dieselfde insek, verskillende stadiums: die afknyper, die kaalvreter, die treksprinkaan. Dis almal dieselfde gogga, dis net verskillende stadiums van sy lewe. Nou kyk, daardie selfde gogga het destyds aan daardie Joodse boom begin vreet, dit afgesny, en dit het begin vreet en vreet en vreet en vreet tot dit dit tot 'n stomp gemaak het; maar toe het hy gesê: "'Ek sal herstel,' sê die Here, 'al die jare wat die kaalvreter verslind het. En Ek sal My volk bly maak.'" Sien? Nou, die boom is afgevreet. Die Heidene is daarop ingeënt, dis waar. Goed, ons moet vrugte voortbring.

525 Nou wanneer die eindtyd kom, wanneer ons aan die einde kom (as ek dit reg sien), is die Evangelie: daar's veronderstel om 'n groot herlewing plaas te vind.

526 Nou, het julle geweet dat die Joodse vlag die oudste vlag in die wêreld is? En dit het nou vir tweeduisend jaar, meer as dit, omtrent vyf-en-twintighonderd jaar, dormant gelê. Die Joodse vlag, daardie ses-punt ster van Dawid, het vir vyf-en-

twintighonderd jaar nooit gewapper nie; sedert die wegvoering na—na Babilon. En nou, omdat die Romeinse Ryk hulle ingeneem het (en die Messias gekom het en hulle Dit verwerp het), en na die vier winde van die aarde verstrooi is. Maar het julle geweet, op die 6de Mei 1946, het daardie vlag weer oor Jerusalem teruggekom? Het julle geweet, op die 7de Mei 1946, het die Engel van die Here hierbo aan my verskyn (die volgende dag), en my uitgestuur na die hele wêreld om 'n herlewing voort te bring? Net die volgende oggend! Toe daardie vlag opgegaan het in Jerusalem, soos die ondergaan van die son daardie namiddag, het die Engel van die Here terselfdertyd hier in die Verenigde State verskyn. "Wanneer julle die vyeboom en die res van die bome sien uitstoot!"

527 Hoeveel onthou die Ster wat gehang het hier by die Ohiorivier, baie jare gelede, toe Hy gesê het . . . Hier's nog 'n foto Daarvan hier, toe Hy neergedaal het. Het gesê: "Jou Boodskap sal uitgaan as 'n voorloper vir die tweede Koms, net soos Johannes uitgegaan het as 'n voorloper vir die eerste Koms." En, kyk, om die wêreld het daar 'n herlewing getrek. Tienduisende maal duisende en duisende, en 'n groot herlewing.

528 Al die wetlikes, en al die verskillendes oor die land heen, en die groot kerke het gesê: "Die dae van Billy Sunday is verby." Maar toe hulle die kerk (die gewone mense) sien begin herlewe het, moes hulle hulle aansien red. Charles Fuller sou die plek ingeneem het, maar hy was te oud; toe het hulle met Billy Graham saamgegaan. En God het Billy Graham geneem, of, die Baptiste kerk het, en hulle het almal om hom saamgekom. En Billy Graham is nie die helfte van die prediker wat Broer Neville is nie, so wat dit betref om 'n prediker te wees, nie by . . . nee, op geen manier nie. Maar wat is dit? Hulle moes dit doen, dis organisasie, en almal reg daaromheen, vergader daaromheen. Billy sê dieselfde ding. Sien, hulle moes dit doen. En dit moes gedoen word om die Woord van God te vervul. Hulle het nie die Gees gehad om daar rondom saam te trek nie, dus het hulle die Woord moes neem om daar rondom saam te trek; dus het hulle. En Billy is 'n Woord-prediker, en aansienlik, en hulle het saamgetrek; so dit het al die koue formeles in hulle laer geplaas. En die bonatuurlike Wese, met Goddelike genesing, en kragte en werkinge ensovoorts, deur die wonderwerke van God, het dit geplaas . . . die Kerk, die weggeraapte Bruid wat die Olie in Haar lamp het, het Haar in 'n herlewing geplaas. Sien? En die koue formele kerk het sy herlewing gehad. En hier draai Israel met hulle herlewing om.

529 Ek het juis nou 'n rolprent daar in my huis: *Drie Minute Voor Middernag.* En ons het 'n foto gekry van daardie Jode wat inkom. Wat inkom; julle het dit in die *Look* tydskrif gesien. En die skepe, gelaai, kom van daar ver in Iran en daar; daardie Jode het nooit geweet dat Jesus ooit op die aarde was nie, hulle het daarheen

gegaan in die wegvoering na Babilon. Dis al wat hulle ooit geweet het. Hulle het geploeg . . . julle het dit in *Look* tydskrif of *Life* en dié gesien, waar hulle nog met ou hout-implimente geploeg het. En toe hulle daardie vliegtuie sien inkom, het hulle gedink: "Hier is dit," want God het vir hulle gesê "'hulle sou daaronder wees, en sou na Jerusalem toe teruggedra word op die vlerke van arende.'" Dis reg. Daar is hulle. En die Jood het gesê: "Hier is dit." Hulle het sommer opgeklim, en ons het hulle beeld met hulle eie stem gekry, en daar is onderhoude met hulle gevoer; van oraloor die wêreld aan die inkom. Party van hulle het hulle oues op hulle rug gedra, en dié wat wat blind en kreupel is. En hulle wat van die skepe afklim van al die verskillende dele van die wêreld af, wat inkom.

530 En hulle begin rotse optel in sakke, van die lande af; en vandag het hulle waterfonteine gevind, wat die meeste, grootste landboukundige land in ter wêreld is. Die Dooie See hou meer rykdom as die res van die wêreld saam. Die Jode keer terug; dis weggesteek vir die Heidene, maar hulle blom soos 'n roos.

531 Hulle het vir daardie—daardie Jode gesê, hulle het gesê: "Kom julle terug om in die tuisland te kom sterf."

532 Het gesê: "Ons kom terug om die Messias te sien. Waar is Hy? Hy's veronderstel om hier te wees."

533 Broer, wanneer jy die vyeboom sy botsels sien uitstoot, Hy het gesê: "Hierdie geslag sal nie verbygaan voor alles vervul is nie." Kyk na die herlewing by die formeles. Kyk na die herlewing by die Kerk. Kyk na die herlewing wat intree by die Jode, hulle wag op die koms van Messias. Die Kerk, die Gees-vervulde Kerk, die Bruid met die . . . die maagde met die olie in hulle lampe sal na die Bruilofsmaal toe ingaan.

534 Die Jode sal sê: "Hier is dit. Daar's ons God op wie ons gewag het." Dis daar waar jou honderd vier-en-veertigduisend . . . waarmee die Russelliete deurmekaar raak. Daar staan daardie Jode daar wat Hom sal ontvang. Hulle het gesê: "Daar's ons God op wie ons gewag het." Hulle sal Hom sien, sê: "Waar het U hulle gekry? Waar het U daardie littekens in U hand gekry?"

535 Hy het gesê: "Ek het hulle in die huis van My vriende gekry." Dis reg: "Die huis van My vriende."

536 Wat sal Hy doen? Die Heidense Kerk sal na Heerlikheid geneem word en die Bruid sal met Christus trou.

537 Hoe het Josef homself aan sy mense bekend gemaak? Hy het elke Heiden uit sy teenwoordigheid weggestuur. Hy het beslis. Wat sal word van die oorblyfsel van die vrou se saad? Die draak het water by sy mond uitgespuug om oorlog te maak; Jesus het gesê: "hulle sal uitgewerp word in die buitenste duisternis, en daar sal geween en gekerm en gekners van die tande wees," die groot ure van vervolging en beproewinge sal na die Heidense kerk kom.

538 Wat sal dan gebeur? Wanneer die martelaarskap kom, wanneer God alles oorkant van daardie Jode afgeskei het, sal Jesus terugkeer soos wat Josef het. Toe hulle Josef gehoor het, toe hy al sy wagte en wat nog weggestuur het, en hy vir klein Benjamin-hulle daar sien staan het, en hulle dit berou het dat hulle Josef doodgemaak het. Hulle het gedink hulle het vir Josef doodgemaak, en hier het hy voor hulle gestaan. Hy het gesê: "Ek's Josef. Ek's julle broer."

539 Toe het hulle regtig gebewe: "Hy's Josef. Nou ken ons hom."

540 Wanneer Hy sal sê: "Ek's Jesus. Ek's die Messias."

541 Sal hulle sê: "O, goeiste, wat sal ons nou ontvang!"

542 Dit is alles gedoen tot eer van God. Dit sal nie wees dat Sy . . . Wel, hulle kon hom hoor huil tot reg daar in Farao se paleis, Josef wat oor hulle huil.

543 Wag tot Jesus daardie Jode sien wat Hy met blindheid moes slaan om ons Heidene 'n kans te laat kry om in te kom, dit sal 'n uur wees, sê ek vir julle. Hy sal daardie Jode neem, moet julle nooit bekommerd nie, daardie Jode sal gered word. Ja, meneer, dit moet daar wees. En dis my idee daaroor, ek kan dit nêrens anders in die Skrif sien nie. Jy moet hulle drie bymekaar hou, weereens.

544 Jy moet die—die slapende maagd hou, die—die kerk net normaal, belydend, sien. Jy moet die kerk kry . . . Dis, die Jood eerste, die Jood eerste, wat net 'n verblinde persoon is wat op die kantlyn wag. Jy moet die volgende stap boontoe kry, wat die slapende maagd is, wat traag was, en net uitgegaan en kerk toe gegaan het, en by die kerk aangesluit het, en baie goeie kêrel. Dan moet jy die Kerk hê, geestelik, die Wegraping, die Bruid, daar staan sy. Daardie drie mense, jy kan nie . . . hulle is nie te verwar nie, glad nie. Hulle is nie almal dieselfde nie. Nie Jehova Getuies wat sê: "daar's 'n honderd vier-en-veertigduisend wat die Bruid is" nie; dis verkeerd. Dis die Jode, sien. Daar's 'n Bruid, die Jode, en die slapende maagd. En jy kry hulle almal, en sê: "Wel, hulle is al drie op verskillende plekke." Hulle is almal, drie verskillende klasse mense. Sekerlik, hulle kan nie.

545 Dan wanneer Jesus na die aarde toe terugkeer . . . Die Jode, wat is hulle? Die eunugs van die tempel. En wanneer Jesus terugkeer, kom Hy *met* die Bruid. Jesus kom drie keer: Hy het die eerste keer gekom om Sy Kerk te *verlos*, Hy kom die tweede keer om Sy Kerk te *ontvang*, Hy kom die derde keer *met* Sy Kerk. Sien? Presies. So dis alles een groot volmaakte koms, dis alles een groot volmaakte God; dis alles een groot volmaakte Christus; een groot volmaakte Kerk, een groot volmaakte verlossing, . . . alles; dit kom 'n drie-eenheid, maar dis alles in Een. Sien? Dis nie drie mense nie, nie drie *hiervan* nie; dis net een Persoon, een Kerk, een Liggaam, een Christus, een Here "in julle almal en deur julle almal," ensovoorts soos dit. Alles een!

546 Die Here seën julle. Ek het julle redelik lank gehou.

547 As die Here wil, nou, as ek so ver kom om weer oor 'n paar aande te kom, of 'n Sondagaand of so-iets, as die pastoor hier nie iets op sy hart het nie, sal ek dié hier probeer beantwoord. O, daar's 'n paar mooies hier. Hoeveel wil hulle graag hoor? O, ek hou sommer baie van hulle. Laat ek weer deur hulle gaan, net vinnig, voor ons die diens aan die pastoor oorgee.

548 Luister net hierna. [Broer Branham beantwoord die volgende agt vrae in Deel III, vanaf paragraaf 668, as vrae nommers 67 tot 74—Red.]

Waar stel die stene . . . ? Wat stel daardie stene in Openbaring 21 voor? Dis 'n goeie een.

Verduidelik die vier wesens van Openbaring 5. Daar's nog 'n goeie een.

Wie is die vier-en-twintig ouderlinge? Daar's nog 'n goeie een, sien.

Wat het die rooi draad van Génesis 38 beteken? Onthou julle, hy het gegaan en sy eie skoondogter geneem en saam met haar gelewe as 'n hoer; en die prys gemaak en na vore gekom; en toe, toe die kind tevoorskyn kom, het hulle die rooi draad om sy hand gesit (hy het uitgestoot en toe weer ingekom), die—die volgende een het voor hom uitgekom. O, dis 'n goeie een; dit is verseker.

Wat is die geskenke wat gestuur sal word betreffende die dood van die getuies, in Openbaring 11? Dis wanneer Moses en Elía terugkeer vir die herlewing van hierdie honderd vier-en-veertigduisend. **Wat is die geskenke?** Kyk wat hulle is, dis mooi.

Waar sal die heiliges wees na die eenduisendjarige' . . . (daar's 'n goeie een, man. Sal . . .) **. . . heerskappy? Watter soort liggaam sal hulle hê?**

Hoe sal ons engele beoordeel?

Waarom pas hare by die engele in Een Korinthiërs? In die Boek van Een Korinthiërs. 'n Paar goeies, werklike goeies.

549 Die Here seën julle. Ek hoop die Here laat ons toe om bymekaar te kom en hierdie dinge te bespreek, dis alles tot Sy eer. Ons mag in idees oor hulle verskil; maar ek sal een ding sê, as julle almal soveel plesier het om na hulle te luister as wat ek het om oor hulle te praat, geniet ons dit baie. Amen. Amen.

550 Goed, mag die Here nou vir julle werklik goed wees. Moenie die dienste vergeet nie. Broer Neville se uitsending, nou, dis op WLRP, Saterdagoggend om nege-uur; die Neville-kwartet, en ek is seker hulle sal julle goed doen, skakel in en luister na hulle. En as ek kan, as ek betyds terugkom, of sien ek gaan terug wees, sal ek die vrou bel; as die Here my toelaat om liewe ou

Broer Bosworth te gaan besoek. Ek . . . Julle almal . . . en ek sal Sondagaand terug wees.

551 Laat die Here nou vir julle goed wees. En broer, pastoor, kom net vir 'n oomblik hiernatoe; en laat hy die diens oorneem. En:

Versaak tog nie die huisaltaar,
Jesus kry jou altyd daar;
Hy wil jou van leed bewaar,
O, versaak tog nie die huisaltaar.

552 Hou julle daarvan? Hoeveel bid in julle eie huis? Laat ons sien, al die . . . al . . . Dis mooi, bly naby aan God. Wees soet, klein kindertjies, God sal julle seën.

Goed, Broer Neville.

Vrae en Antwoorde Hebreërs, Deel II AFR57-1002
(Questions and Answers on Hebrews Part II)
Gedrag Orde En Doktrine Van Die Kerk reeks

Hierdie Boodskap deur Broer William Marrion Branham, oorspronklik gelewer in Engels op Woensdagaand, 2 Oktober 1957, by die Branham Tabernakel in Jeffersonville, Indiana, V.S.A., is geneem vanaf 'n magnetiese bandopname en onverkort gedruk in Engels. Hierdie Afrikaanse vertaling is gedruk en versprei deur Voice Of God Recordings.

AFRIKAANS

©2021 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

Voice Of God Recordings, South Africa Office
58 Disa Road, Admiral's Park, Gordon's Bay 7140 Western Cape
Republic Of South Africa

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

Voice Of God Recordings
P.O. Box 950, Jeffersonville, Indiana 47131 U.S.A.
www.branham.org